

# **DIE GESONDE LEER**

Prof. P. J. de Bruyn

*Die Deputate vir die Calvin-Jubileumboekefonds  
Posbus 20004, Noordbrug 2522, Potchefstroom.  
1990*

Gedruk en gebind deur die  
Potchefstroom Herald (Edms.), Bpk.,  
Olënlaan 11, Potchefstroom,  
Tel. (0148) 2-3831.

ISBN 0 86955 097 7

## Woord vooraf

Die inhoud van hierdie boekie is opgestel met meer as een doel voor oë: *enersyds* is dit bedoel as 'n kort en bondige inleiding tot of 'n afsluiting van die kategetiese onderwys — afhangende van omstandighede en van die persone aan wie die onderrig gegee moet word of gegee is; andersyds is dit bedoel as 'n bekendstelling van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika aan persone wat begerig is om lidmate daarvan te word. Om die rede word die aandag gevestig op die sake waarin die Gereformeerde Kerke 'n ander siening of praktyk het as die ander kerke in Suid-Afrika. Dit is nie bedoel om 'n polemië uit te lok nie maar inderdaad as 'n *bekendstelling*, en dit is vir die leser om uit te maak of die argumente wat vir 'n standpunt aangevoer word, sterk genoeg is of nie. Die laaste deel is bygevoeg om aan te dui dat die Christelike geloof ook daadwerklik in ons daaglikse lewe tot openbaring moet kom. Mag dit diensbaar wees in die koninkryk van God. Pretoria, Julie 1972.

*P. J. de Bruyn*

## Hersiene uitgawe

By die hersiene uitgawe is die laaste hoofstuk heelwat uitgebrei. Daarin word veral gehandel oor etiese vraagstukke wat tans aan die orde van die dag is.

Potchefstroom, Februarie 1990.

Eerste herdruk van hersiene uitgawe April 1992.

*"verkondig die woord; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering; want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels."*

(2 TIM 4:2-4).

# Inhoudsopgawe

Woord vooraf.....	2
Hersiene uitgawe.....	2
HOOFSTUK 1 .....	7
Die Kerk .....	7
1.    WAT IS DIE KERK?.....	7
2.    VERSKILLENDE KERKE .....	7
3.    DIE WARE EN VALSE KERK.....	7
4.    KERKREGERING .....	8
5.    DIE TAAK VAN DIE KERK.....	9
HOOFSTUK 2 .....	10
Waarvandaan kom die Gereformeerde Kerke? .....	10
1.    DIE BEGIN VAN DIE KERK VAN DIE HERE.....	10
2.    DIE BEGIN VAN DIE NIEU-TESTAMENTIESE KERKGESKIEDENIS .....	10
3.    DIE UITBREIDING EN VERVOLGING VAN DIE KERK .....	10
4.    DIE OPKOMS VAN DIE ROOMSE KERK .....	10
5.    DIE HERVORMING.....	11
6.    AAN DIE KAAP .....	11
7.    ONTWIKKELINGE IN NEDERLAND .....	12
8.    J. A. DE MIST .....	12
9.    DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK.....	12
10.   DIE GEREFORMEERDES (DIE 'DOPPERS').....	12
11.   DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK.....	12
12.   DIE HERSTIGTING VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE .....	13
13.   GROEI EN UITBREIDING VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE.....	14
HOOFSTUK 3 .....	15
Die belydenisskrifte van die kerke .....	15
1.    WAT IS 'N BELYDENISSKRIF?.....	15
2.    SKRIFTUURLIKE GRONDE VIR DIE OPSTEL VAN 'N .....	15
BELYDENISSKRIF .....	15
3.    WAAROM IS BELYDENISSKRIFTE NOODSAAKLIK?.....	15
4.    DIE GESAG VAN DIE BELYDEIMISSKRIFTE.....	15
5.    DIE ALGEMENE BELYDENISSKRIFTE .....	16
6.    DIE BESONDERE BELYDENISSKRIFTE.....	16
HOOFSTUK 4 .....	18
Belangrike punte van die Gereformeerde leer.....	18
1.    DIE OPENBARING VAN GOD.....	18
2.    DIE INSPIRASIE VAN DIE WOORD VAN GOD.....	18
3.    DIE DRIE-ENIGE GOD.....	18
4.    DIE RAAD VAN GOD .....	18
5.    DIE SKEPPING EN ONDERHOUDING VAN ALLE DINGE.....	19
6.    DIE SONDE.....	19
7.    DIE UITVERKIESING .....	20
8.    DIE VERBOND VAN GOD .....	21
9.    JESUS CHRISTUS ONS VERLOSSER .....	21
10.   DIE HEILIGE GEES .....	22
11.   DIE HEILSORDE.....	22
12.   DIE GENADEMIDDELE .....	23
13.   DIE SLEUTELS VAN DIE HEMELRYK.....	23

14. DIE LAASTE DINGE .....	24
HOOFSTUK 5 .....	26
Belangrike punte in verband met die sakramente.....	26
1. WAT IS SAKRAMENTE? .....	26
2. DIE DOOP .....	26
3. DIE NAGMAAL .....	28
HOOFSTUK 6 .....	32
Belangrike punte in verband met die erediens.....	32
1. DIE SUIWERE BEDIENING VAN DIE WOORD .....	32
2. KINDERDIENSTE.....	32
3. GESANGE.....	32
4. KOORSANG IN DIE EREDIENS .....	33
HOOFSTUK 7 .....	34
Die tug .....	34
1. WAAROM DIT EINTLIK GAAN IN DIE KERKLIKE TUG.....	34
2. DIE DOEL VAN DIE KERKLIKE TUG.....	34
3. DIE NOODSAAKLIKHEID VAN DIE TUG.....	34
4. DIE GESINDHEID WAARIN TUG TOEGEPAS MOET WORD .....	34
5. WIE SE TAAK IS DIT OM TUG UIT TE OEFEN? .....	35
6. DIE VERLOOP VAN DIE TUG .....	35
7. Die afsnyding .....	36
HOOFSTUK 8 .....	37
Belangrike punte in verband met die kerklike lewe .....	37
1. DIE BYWONING VAN EREDIENSTE.....	37
2. KERKLIKE BYDRAES .....	38
3. ATTESTASIES .....	39
4. BROERS EN SUSTERS VIR MEKAAR .....	40
5. BIDURE.....	41
HOOFSTUK 9 .....	42
Die Christelike lewe .....	42
1. DIE LEWE UIT DIE GELOOF.....	42
2. ABORSIE .....	42
3. ARBEID.....	43
4. BURGERLIKE ONGEHOORSAAMHEID.....	43
5. DANS.....	44
6. DOBBELARY EN LOTERY .....	45
7. EEDSWERING.....	46
8. EGSKEIDING .....	46
9. EIEWILLIGE GODSDIENS .....	47
10. EUTANASIE (GENADEDOD) .....	47
11. GELDBESTEDING.....	48
12. GESPREKKE .....	49
13. HOMOSEKSUALITEIT .....	49
14. HUISGODSDIENS EN BYBELSTUDIE.....	50
15. HUWELIKSKEUSE.....	51
16. KINDERMOLESTERING .....	51
17. KLEREDRAG .....	53
18. LYKVERBRANDING (KREMASIE) .....	53
19. PADVEILIGHEID.....	54
20. ROLPRENTE .....	54

21.	RASSEVERHOUDINGS .....	55
22.	SEKSUELE LOSBANDIGHEID .....	56
23.	SKOONHEIDSWEDSTRYDE .....	57
24.	SONDAG .....	57
25.	SPORT .....	59
26.	STERK DRANK EN DWELMMIDDELS .....	59
27.	VOORHUWELIKSE GESLAGSGEMEENSKAP .....	59
28.	VRIENDE .....	62
29.	VRYMESSELARY .....	63

# HOOFSTUK 1

## *Die Kerk*

### 1. WAT IS DIE KERK?

*Die kerk is 'n vergadering van gelowiges wat die Here deur sy Woord en Gees vergader. Die kerk is nie 'n genootskap of vereniging nie, want verenigings word deur mense tot stand gebring. Die kerk daarenteen word deur die Here vergader. Die middele waardeur die Here sy kerk vergader is sy Woord (die lees en verkondiging van die evangelie) en die werking van sy Heilige Gees.*

### 2. VERSKILLENDE KERKE

As gevolg van die sonde is die mens se verstand verduister sodat hy nie alles helder en duidelik kan verstaan nie — ook nie die Woord van God nie. Daarom is sekere dele van die Bybel deur verskillende mense verskillend verklaar. Hierdie verskillende verklarings het tot gevolg gehad dat daar verskillende kerke en sektes tot stand gekom het, byvoorbeeld Roomse, Lutherse en Gereformeerde Kerke. Dit is natuurlik 'n sondige toestand. Daarom moet daar steeds gestreef word om deur *reformasie* (hervorming, bekering) die verskillende kerke tot 'n eenheid te laat kom en onderlinge verskille uit te wis.

Om 'n ware kerk te bly, moet die kerk homself gedurig reformeer (bekeer). Hy moet homself in leer en lewe voortdurend toets aan die Woord van God. Verkeerde dinge moet nagelaat en uitgesuiwer word en die regte dinge wat God wil, moet gedoen word. Daarom word gesê dat die *Gereformeerde Kerke* hulself gedurig moet *reformeer*.

### 3. DIE WARE EN VALSE KERK

#### 3.1 Die ware kerk

Volgens artikel 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis is daar drie kenmerke waardeur die ware kerk en die valse kerk onderskei word, naamlik:

- die suiwer bediening van die *Woord*;
- die suiwer bediening van die *sakramente*;
- die suiwer uitoefening van die *tug*;

##### 3.1.1 *Die suiwer bediening van die Woord*

Aangesien die Heilige Gees die geloof werk en versterk deur die verkondiging van die Woord, is dit noodsaaklik dat dit reg en suiwer bedien moet word.

##### 3.1.2 *Die suiwer bediening van die sakramente*

Die sakramente, naamlik die doop en die nagmaal, moet bedien word presies soos God ons in sy Woord beveel, want daardeur wil die Here ons geloof versterk.

##### 3.1.3 *Die suiwer uitoefening van die tug*

Deur die tug moet die wat hulle goddeloos gedra, vermaan en bestraf word, en as hulle volhard, uiteindelik uit die kerk uitgesluit word. Die tug is ook noodsaaklik,

want daarsonder kan nie toegesien word dat die Woord suiwer verkondig en die sakramente suiwer bedien word nie. 'n Kerk sonder tug is soos 'n regering sonder polisie en 'n militêre mag.

### **3.2 Die valse kerk**

Volgens artikel 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis is die kentekens van die valse kerk die volgende:

- 3.2.1 Dit is ongehoorsaam aan die Woord van God.
- 3.2.2 Dit heg meer gesag aan sy eie ordinansies en besluite as aan die bepalings van die Woord van God.
- 3.2.3 Dit bedien die sakramente nie in ooreenstemming met die bevel van Christus nie, maar volgens hulle eie idees.
- 3.2.4 Dit vervolg diegene wat volgens die Woord van God wil lewe en die kerk vanweë sy sondes en dwalinge bestraf. As 'n valsgeworde kerk weier om hom te bekeer (te reformeer) en sy sondes na te laat, moet die ware gelowiges dit laat vaar en 'n suiwer kerk vorm soos *Luther* in Duitsland, *ds. De Cock* in Nederland en *ds. Postma* in Suid-Afrika gedoen het. (Vgl. Op 18:4: "Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plaë ontvang nie.")

## **4. KERKREGERING**

Jesus Christus is die eintlike *Regeerder* van die kerk. Hy is die *Koning* van die kerk.

Hy regeer sy kerk deur sy *Woord en Gees*. In sy *Woord* sê Hy wat ons moet doen en hoe ons moet lewe om God te eer en die ewige lewe te beërwe. Deur sy *Heilige Gees* maak Hy ons gewillig en bereid om volgens sy Woord te lewe en Hom te dien en te eer.

In die regering van sy kerk maak Christus egter gebruik van *mense* wat Hy (deur stemming of toestemming) tot die ampte roep. Hierdie ampte is die herders en leraars (predikante), die ouderlinge en die diakens.

### **4.1 Die herders en leraars**

Hulle vernaamste taak is om die Woord van God te verkondig (profetiese amp). As herders staan hulle in dieselfde amp as die ouderlinge (1 Tim 5:17).

### **4.2 Die ouderlinge**

Hulle oefen die regering in die kerk uit (koninklike amp). Hulle moet as herders toesig hou oor die kudde (die gemeente van God) en vir hulle voorbeelde wees (Hand 20:28, 29; 1 Pet 5:2). Hulle moet toesien dat die gemeente lewe volgens die Woord van die Here en diegene tug wat dit nie doen nie.

### **4.3 Die diakens**

Hulle moet die armes versorg (priesterlike amp) (Hand 6:1-7). Die gemeente moet deur hulle offergawes die diakens in staat stel om die armes behoorlik te versorg.



## 5. DIE TAAK VAN DIE KERK

Onder die invloed van die humanisme en die liberalisme is die taak van die kerk in die verlede soms beskou as "die vorming van goeie en deugdelike mense" wat vir staat en maatskappy nuttig kan wees. *Dit is heeltemal verkeerd!* Die groot taak van die kerk is *om Jesus Christus as Verlosser en Saligmaker te verkondig* en die mense op te roep om hulle van hulle sondes te bekeer en in Hom te glo (Matt 28:19). As die kerk dit doen, sal hy ook die *sout van die aarde en die lig van die wêreld wees* (Matt 5:13-16).

## HOOFSTUK 2

### ***Waarvandaan kom die Gereformeerde Kerke?***

#### **1. DIE BEGIN VAN DIE KERK VAN DIE HERE**

Die kerkgeskiedenis begin in werklikheid reeds in die paradys met Adam en Eva.

Later is dit — wat die Ou-Testamentiese tydperk betref — verweef met die geskiedenis van die volk Israel, omdat Christus volgens die belofte van God uit die nageslag van Abraham gebore sou word. In Hom (Christus) sou alle geslagte (volke) van die aarde geseën word. Eindelik is Christus gebore.

Deur sy borgtogtelike lyde en sterwe en deur sy vervulling van die Ou-Testamentiese beloftes vorm Hy sowel die afsluiting van die Ou-Testamentiese kerkgeskiedenis as die begin van die Nieu-Testamentiese kerkgeskiedenis. Deur sy roeping van dissipels wat getuies van sy woorde en daede was, het Hy die nuwe bedeling in die kerkgeskiedenis voorberei.

#### **2. DIE BEGIN VAN DIE NIEU-TESTAMENTIESE KERKGESKIEDENIS**

Dit begin eintlik op Pinksterdag met die uitstorting van die Heilige Gees (Hand 2) en sal voleindig word met die wederkoms van Christus (Op 20).

Die feit dat die begin van die kerkgeskiedenis in die Bybel opgeteken is (veral in Handeling 2 en die Sendbriewe) is vir ons van die allergrootste belang. Dit beteken immers dat die beginsels waarvolgens die kerk ingerig en geregeer moet word in die Bybel self opgeteken is.

Die eerste Christelike kerk was die een wat in Jerusalem onder leiding van die apostels tot stand gekom het.

#### **3. DIE UITBREIDING EN VERVOLGING VAN DIE KERK**

Deur die prediking en optrede van die apostels, en in die besonder deur die sendingreise van die apostel Paulus, het die kerk vinnig uitgebrei in die Midde-Ooste en is dit ook gevestig in die Weste, met name ook in Rome, die setel van die Romeinse keisers.

Sataniese pogings is aangewend om die voortgang van die kerk te stuit en dit selfs te vernietig. Dit is gedoen deur *dwaalleringe* wat opgekom het uit die boesem van die kerk self en deur *gruwelike vervolginge* van die Christene, veral deur sekere Romeinse keisers en hulle aanhangers. Tog kon die kerk nie vernietig word nie; intendeel, dit het steeds gegroei. God het aan sy kerk manne gegee soos Augustinus en andere (die apologete en die kerkvaders) wat die dwaalleringe kon weerlê. Die vervolginge het tot 'n einde gekom toe keiser Konstantyn in 313 n.C. die Edik van Milaan uitgevaardig het waarvolgens dit nie meer onwettig was om 'n lid van die Christelike kerk te wees nie.

#### **4. DIE OPKOMS VAN DIE ROOMSE KERK**

Van die vierde eeu af het die biskoppe (kerkleiers of kerkhoofde) van Rome en verskeie ander stede gewedywer om die algemene *kerkhoof* te word soos die keiser die *staatshoof* was.

Op grond van 'n legende dat Petrus die eerste biskop van Rome was, is die biskop van Rome beskou as die opvolger van Petrus en die aardse verteenwoordiger of stadhouer van Christus. Dié gedagte is verder versterk deur 'n verkeerde verklaring van Matteus

16:19. Uiteindelik is dit in die Westerse wêreld ook so aanvaar en die biskop van Rome is *pous* (vader) van die kerk genoem.

Meer en meer het die opvatting begin posvat dat die pous nie slegs die *kerklike hoof* in die wêreld is nie, maar ook die *staatkundige hoof* en dat konings en owerhede hulle gesag van die pous ontvang. Hierdie siening het gelei tot ernstige botsings tussen verskillende pouse en landshoofde. Later het dit daarop uitgeloop dat die pous net oor die *Vatikaan* regeer. Dit is 'n onafhanklike kerkstaatjie in Italië waaroor selfs die Italiaanse regering niks te sê het nie. Tog glo die Roomse nog dat alle regerings en landshoofde hulle gesag en regeermag van die pous ontvang — of hulle dit erken of nie. Daar is ook gekom tot die beskouing dat as die pous amptelik uit sy preekstoel 'n verklaring uitreik, dit beskou moet word as 'n onfeilbare bepaling van God self by monde van die pous as aardse hoof van die kerk van die Here. Gedurende die verloop van verskeie eeue het 'n hele aantal dwalings in die kerk posgevat en is dit ook openlik verkondig. Omdat die gewone lidmate (die leke) doelbewus onkundig gehou is oor die werklike inhoud van die Bybel — baie van hulle nie kon lees en skryf nie en die Bybel net in Latyn (wat vir hulle onverstaanbaar was) beskikbaar was — kon hulle die dwalings nie weerlê nie.

Teen hierdie dwalings het die Hervormers, wat weer die werklike inhoud van die Bybel leer ken het, in opstand gekom en geprotesteer.

## 5. DIE HERVORMING

Die Gereformeerde Kerke is Protestantse kerke en staan derhalwe teenoor die Rooms-Katolieke Kerk. Nader aangedui: die Gereformeerde Kerke behoort tot die *Calvinistiese groep* van die Protestantse kerke.

In die sestiende eeu het verskillende persone in opstand gekom teen die Roomse Kerk met al sy dwalinge en begin om daarteen te protesteer. (Die naam "Protestant" is afgelei van die woord "protesteer".) Hierdie persone word gewoonlik die *Hervormers* (soms Reformatore) genoem omdat hulle dit wat in die kerk van die Here deur die toedoen van die Roomse Kerk verkeerd geloop het, wou regstel (hervorm, opnuut vorm, reg vorm) sodat dit in ooreenstemming met die Woord van God kon wees. Die belangrikste hervormers was Luther, Calvyn, Zwingli en Knox.

*Die vernaamste dwalinge in die Roomse Kerk* was en is nog die vervanging van die Woord van God met die woord van die mens (die tradisie, pouslike uitsprake, ens.); die aanbidding van Maria en ander sogenaamde heiliges; die verkryging van saligheid deur die goeie werke bo en behalwe die borgtogtelike verlossingsarbeid van Christus; die leer van die vagevuur (reinigingsvuur) waarin die mens na sy dood gereinig moet word van sondes waarvoor Christus nie betaal het nie; die vergewing van sondes deur priesters op grond van die betaling van 'n bedrag geld (boete), ensovoorts. 'n Baie belangrike beginsel wat die hervorming deur Calvyn beklemtoon het, is dat God Koning is oor alle terreine van die lewe. *Derhalwe moet sy Woord oral en altyd gehoorsaam en eerbiedig word.* Verder moet alles wat gedoen word, strek *tot eer van God*.

Die Calvinistiese reformasie het wortel geskiet in Nederland en vandaar is dit oorgeplaas na Suid-Afrika, asook vanuit Frankryk deur die Franse Hugenote.

## 6. AAN DIE KAAP

Toe Jan van Riebeeck na die Kaap gekom het, was die Gereformeerde Kerk die belangrikste kerk in Nederland. In 1618 en 1619 is die Sinode van Dordrecht gehou (waar die Dordtse Leerreëls en die Dordtse Kerkorde opgestel is) en in 1652 het Jan van Riebeeck hierheen gekom. Hy praat dan ook in sy gebed van die "Gereformeerde Religie". Daar bestaan duidelike bewyse dat die Dordtse Kerkorde hier aan die Kaap gebruik is tot in 1804 toe die kerkorde van De Mist met sy vrysinnige en humanistiese beginsels ingevoer is.

## 7. ONTWIKKELINGE IN NEDERLAND

Sekere ontwikkelinge op kerklike gebied in Nederland het ook die kerklike lewe aan die Kaap sterk beïnvloed. Die Nederlandse Hervormde Kerk het in 1816 daar tot stand gekom. Die nuwe reglement of kerkwet wat opgestel is, het bepaal dat die kerk geregeer word volgens besluite van die sinode wat met meerderheid van stemme geneem is — ongeag of die besluit met die Woord van God ooreenstem of nie. Dit het tot gevolg gehad dat liberale en vrysinnige idees meer en meer in die kerk posgevat het. As gevolg hiervan het daar *twee afskeidings* in die kerk voorgekom waardeur gepoog is om na die suiwer Bybelse (Gereformeerde) leer en lewe in die kerk terug te keer.

Die eerste was in 1834 — die totstandkoming van die Christelike Gereformeerde Kerke (onder die leiding van ds. H. de Cock).

Die tweede was in 1886 — die totstandkoming van die kerk wat na 1895 bekend geword het as die Gereformeerde Kerk (onder die leiding van dr. Abraham Kuyper).

## 8. J. A. DE MIST

Die vrysinnige idees van die Nederlandse Hervormde Kerk is deur kommissaris-generaal J.A. de Mist gedurende die Bataafse (Nederlandse) bewind van 1803 - 1806 aan die Kaap hierheen oorgebring en in die kerk ingedra. Hy het die kerk nie beskou as 'n instelling van God nie, maar van die mense. Die taak van die kerk was volgens hom om deug en goeie sedes by die onderdane van die staat te bevorder en *nie* om die gelowiges op te bou in geloof en liefde tot God nie. Daarom moes die kerk, volgens De Mist se siening, aan die staat ondergeskik wees en daaraan diensbaar wees. Al hierdie gedagtes het hy in die kerk aan die Kaap ingedra en bevestig deur 'n *nuwe kerkwet* wat hy vir die kerk opgestel het.

## 9. DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

Toe die kerk aan die Kaap in 1824 vir die eerste keer 'n sinodale vergadering gehou het, het hulle die noodlottige fout gemaak om die kerkwet van De Mist as grondwet van die kerk te aanvaar. Daarmee is die rug gekeer op die Gereformeerde beginsels soos vasgelê in die Dordtse Kerkorde. In ooreenstemming met die kerkwet van De Mist is die Hervormde Kerk toe as staatskerk in die Kaapkolonie beskou. In die kerkwet wat in 1842 aanvaar is, is die naam van die Kaapse kerk verander van *Die Hervormde Kerkgenootskap* na *Die Nederduitse Gereformeerde Kerkgenootskap*.

## 10. DIE GEREFORMEERDES (DIE 'DOPPERS')

Die mense wat later, na die herstigting van die Gereformeerde Kerke, die kern van hierdie kerke sou vorm, het meestal betreklik diep in die binneland gewoon. As gevolg van die gebrek aan gereelde kontak en kommunikasie met die mense aan die Kaap kon hulle nie so deur die ongereformeerde leringe beïnvloed word soos die mense aan die Kaap self nie. Die Nederlandse Statebybel met sy verklarende aantekeninge was die vernaamste voedingsbron van hulle geloofslewe.

## 11. DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK

Met die Sandrivierkonvensie in 1852 het Engeland die onafhanklikheid van Transvaal erken. Dit het by die Transvalers die gevoel gesterk om ook die bande met die kerk in die Kaap te verbreek. Hulle het gevrees dat as hulle eers kerklik by die Kaap ingeskakel is, hulle ook in politieke opsig onder die Engelse bewind ingetrek kan word.

In 1853 het ds. Dirk van der Hoff uit Nederland in Transvaal aangekom. Daar is toe besluit om hulle kerklik van die Kaap los te maak en ds. Van der Hoff het daarmee akkoord gegaan. So het die Hervormde Kerk in 1853 in Transvaal (die Zuid-Afrikaanse Republiek) tot stand gekom. Die Hervormde Kerk is tot staatskerk van die Republiek

verklaar. Slegs lidmate van die Hervormde Kerk sou in die Volksraad en staatsdiens toegelaat word en predikante sou deur die staat besoldig word.

Voorlopig is die kerkwette van die NG Kerk in die Kaap (dus in wese die kerkwet van De Mist) net so deur die Hervormde Kerk oorgeneem. Tussen die NG Kerk in die Kaapkolonie en die Hervormde Kerk in Transvaal was daar in daardie tyd dus weinig verskil: beide was staatskerke en het feitlik dieselfde kerkwette gehad.

## 12. DIE HERSTIGTING VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE

Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika is *herstig* op 11 Februarie 1859 te Rustenburg onder die leiding van ds. Dirk Postma. Ons praat opsetlik van *herstig* omdat die Gereformeerde Kerke tot in 1804 wel aan die Kaap bestaan het. Ds. Postma was afkomstig uit die Christelike Gereformeerde Kerke in Nederland wat in 1834 onder die leiding van ds. H. de Cock tot stand gekom het.

Dit word soms beweer dat die Gereformeerde Kerke van die kerk in Transvaal afgeskei het bloot omdat daarin gesange gesing is en die Gereformeerdes van die gesange niks wou weet nie. Dit is beslis nie so nie. Trouens, toe ds. Postma op die Algemene Kerkvergadering van die Hervormde Kerk gevra is wat sy standpunt oor die sing van gesange in die erediens is, het hy geantwoord:

1. Hy sal 'n kerk wat met innerlike vrede *regsinnige* gesange sing, nie veroordeel nie.
  2. 'n Kerk wat hom egter hou by gesange (soos die Psalms, lofsange, Tien Gebooie, Onse Vader, ens.) waarvan die teks in die Bybel staan, is op die veiligste pad.
  3. As sommige lidmate gewetensbeswaar het teen gesange waarvan die teks nie in die Bybel staan nie, behoort die ander dit ook nie in *die openbare godsdiensoefening te sing nie*.
  4. As daar geen ander uitweg is nie, moet dit aan die predikant oorgelaat word om volgens sy gewete in die beste belang van die gemeente te handel. *Oor hierdie saak moet daar geen verdeeldheid of skeuring plaasvind nie*.
- Dit kom dus daarop neer dat ds. Postma nie beswaar gehad het teen die sing van gesange nie, mits dit regsinnig is en derhalwe gedurig onderwerp moet word aan 'n toets of dit volgens die Woord van God is of nie.

Na hierdie verklaring van ds. Postma het die Algemene Kerkvergadering net besluit om voort te gaan met die sing van gesange sonder om te bepaal dat dit steeds aan die Woord van God getoets moet word.

- *Hierdie besluit hou in dat die opinie van die mens (in hier die geval oor die gesange) bokant die Woord van God verhef is, en dit was die eintlike rede vir die afskeiding van die kerk in Transvaal en die herstigting van die Gereformeerde Kerke.*

Hoewel die verskil oor die gesange die deurslag gegee het vir die herstigting van die Gereformeerde Kerke, was daar ook verskeie ander dinge in die kerke in die Kaapprovinsie en Transvaal waarmee die latere lidmate van die Gereformeerde Kerke nie tevrede was nie. Die vernaamste besware was die volgende:

### 1. Die prediking

As gevolg van die invloed van die Metodisme en Liberalisme is 'n vrysinnige leer van die kansels af verkondig. Dit het ook meegebring dat die uitverkiesing en

verbondsgedagte in die prediking weggelaat of op die agtergrond gedwing is.

## **2. Die kerkregering**

Hulle kon hulle nie met die kerkwet van De Mist, waarvolgens kerklike sake sowel in die Kaapprovinsie as in Transvaal gereël is, vereenselwig nie. Volgens dié kerkwet is die kerk 'n genootskap waarin die sinode (met ander woorde *mense* in hulle vergadering) die hoogste gesag het. Daarom wou hulle terugkeer na die Dordtse Kerkorde.

Dit is derhalwe heeltemal begryplik dat by die herstigting die Dordtse Kerkorde aanvaar is vir die reëling van kerklike sake en die Drie Formuliere van Eenheid, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls, aanvaar is as belydenis van die Gereformeerde Kerke.

## **13. GROEI EN UITBREIDING VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE**

Kort na die herstigting van die Gereformeerde Kerke te Rustenburg het daar ook gemeentes in die Oranje-Vrystaat en die Kaapkolonie tot stand gekom. Ondanks sterk teëkanting en bespotting het die Gereformeerde Kerke gegroei. In 1869 het ds. Postma te Burgersdorp begin met die opleiding van predikante. In 1904 is die Teologiese Skool oorgeplaas na Potchefstroom waar dit tans nog is.

In 1989 (dit wil sê 130 jaar na die herstigting) was daar reeds 300 gemeentes met 113 618 belydende en dooplidmate in die Gereformeerde Kerke en 286 predikante in die bediening. Uit die Teologiese Skool het die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys gegroei en uiteindelik 'n aparte en selfstandige inrigting geword — 'n uitgesproke Christelike universiteit.

## HOOFSTUK 3

### *Die belydenisskrifte van die kerke*

#### 1. WAT IS 'N BELYDENISSKRIF?

Dit is 'n kort, sistematiese samevatting van dit wat die Skrif ons leer, byvoorbeeld oor God, die skepping, die sakramente, ensovoorts. In die belydenisskrifte spreek die kerk en die gelowiges uit wat hulle vir die waarheid hou oor genoemde en ander sake volgens die Woord van God en so bely hulle hul geloof.

#### 2. SKRIFTUURLIKE GRONDE VIR DIE OPSTEL VAN 'N BELYDENISSKRIF

*Titus 1:9:*

"een wat vashou aan die betroubare woord wat volgens die leer is, sodat hy in staat kan wees om met die gesonde leer te vermaan sowel as om die teësprekers te weerlê."

(Die woord *leer* het hier dieselfde betekenis as die woord *belydenis*.)

*Hebreërs 6:1-2:*

"Daarom moet ons nie bly by die begin van die prediking aangaande Christus nie, maar na die volmaaktheid voortgaan sonder om weer die fondament te lê van die bekering uit dooie werke en van die geloof in God, van die leer van die doop en van die handoplegging en van die opstanding van die dode en van die ewige oordeel."

*1 Timoteus 6:3-4:*

"As iemand iets anders leer en nie instem met die gesonde woorde van onse Here Jesus Christus en met die leer wat volgens die godsaligheid is nie".

#### 3. WAAROM IS BELYDENISSKRIFTE NOODSAAKLIK?

3.1 Sodat die gelowiges kan weet presies wat hulle glo.

3.1 Om standpunt in te neem teenoor dwalinge (verdediging teen verkeerde leringe).

3.1 As 'n getuienis teenoor die wêreld. (Vgl. 1 Pet 3:15: "Maar heilig die Here God in julle harte en wees altyd bereid om verantwoording te doen aan elkeen wat van julle rekenskap eis omtrent die hoop wat in julle is . . .")

3.1 Om eenheid tussen die verskillende kerke en gelowiges te bewaar sodat elkeen nie maar verkondig wat hy wil en daar verwarring ontstaan nie.

3.1 Om die ware godsdiens suiwer aan die nageslag oor te dra.

#### 4. DIE GESAG VAN DIE BELYDEIMISSKRIFTE

4.1 Dit is menslike geskrifte. Daarom staan dit nie *naas of bokant* die Bybel nie, maar onder die Bybel en kan altyd weer aan die Bybel getoets word.

4.1 Dit is opgestel uit God se Woord en kom in alles ooreen met God se Woord.

4.1 Die gesag wat hulle het, kry hulle nie van hulleself nie, maar van die Woord waarmee dit in volle ooreenstemming is. Daarom is dit vir ons bindend en moet ons ons daaraan hou.

4.1 Ons aanvaar die belydenisskrifte *omdat* dit met die Woord ooreenstem en nie *in soverre* dit met die Woord ooreenstem nie.

## **5. DIE ALGEMENE BELYDENISSKRIFTE**

5.1 Die Apostoliese Geloofsbelydenis (Die Twaalf Artikels).

5.2 Die Geloofsbelydenis van Nicéa. (Kyk agter in Psalmboek.)

5.3 Die Geloofsbelydenis van Athanasius. (Kyk agter in Psalmboek.)

Dit word die algemene belydenisskrifte genoem omdat byna al die Christelike kerke dit aanvaar.

## **6. DIE BESONDERE BELYDENISSKRIFTE**

### **6.1 Die Nederlandse Geloofsbelydenis**

(Voortaan afgekort met NGB; kyk agter in die Psalmboek.) Dit is deur *Guido de Bres* in 1561 voltooi en bevat 37 artikels. Dit handel oor die volgende:

oor God (artt. 1 en 2)

oor die Heilige Skrif (artt. 3 - 7)

oor die drie-enige God (artt. 8-11)

oor die skepping en voorsienigheid (artt. 12 - 14)

oor die sonde (art. 15)

oor die verlossing (artt. 16-26)

oor die kerk (artt. 27 - 32)

oor die sakramente (artt. 33 - 35)

oor die owerheid (art. 36)

oor die laaste dinge (art 37).

### **6.2 Die Heidelbergse Kategismus**

(Voortaan afgekort met HK; kyk agter in Psalmboek.) Dit is opgestel deur *Ursinus en Olevianus* in opdrag van die vrome Frederik III, keurvors van Palts wat Heidelberg as hoofstad gehad het. Dit is voltooi in 1563 en bevat 52 Sondags-afdelings en handel oor die mens se enigste troos in lewe en in sterwe. Dit is onderverdeel in drie dele wat handel oor: die mens se *ellende* (Sondae 2 - 4) die mens se *verlossing* (Sondae 5-31) die mens se *dankbaarheid* (Sondae 32 - 52).

### **6.3 Die Dordtse Leerreëls**

(Voortaan afgekort met DL; kyk agter in Psalmboek.)

Dit is opgestel op die Sinode van Dordrecht (Nederland) in 1618- 1619 onder die leiding van Johannes Bogerman, die voorsitter van dié sinode.

Dit is gerig teen die Remonstrante wat geloën het dat God sekere mense uitverkies het om salig te word en gesê het dat dit van die mens self afhang of hy salig gaan word of nie.

Dit handel oor:

die uitverkiesing en verwerping (hoofstuk 1)



die dood van Christus en die verlossing deur sy dood (hoofstuk 2)

die mens se verdorwenheid en sy bekering tot God (hoofstuk 3 en 4)

die volharding van die heiliges (hoofstuk 5).

Hierdie drie belydenisskrifte word genoem: *die drie belydenisskrifte van eenheid*.

# HOOFSTUK 4

## *Belangrike punte van die Gereformeerde leer*

### 1. DIE OPENBARING VAN GOD

God openbaar Homself (maak Homself bekend) aan die mens deur die Algemene Openbaring en die Besondere Openbaring. Onder die *Algemene Openbaring* word verstaan sy openbaring in die natuur, geskiedenis en gewete van die mens. Dit is onvoldoende om die saligheid te verkry. Onder die *Besondere Openbaring* word verstaan sy openbaring soos ons dit tans in die Heilige Skrif vind. Dit is noodsaaklik en voldoende vir ons saligheid. (Vgl. NGB art. 2.)

### 2. DIE INSPIRASIE VAN DIE WOORD VAN GOD

Die verskillende boeke van die Bybel is deur mense geskryf, maar hulle is *deur God geïnspireer*. Dit beteken dat God deur sy Heilige Gees gedagtes en woorde in die menslike skrywers se gedagtes gelê het om dit op te teken, sodat dit wat in die Bybel deur mense geskryf is, eintlik van God afkomstig is. (Vgl. 2 Tim 3:6; Heb. 1:1; Heb. 3:7; 2 Pet 1:21; vgl. ook NGB artt. 2, 4, 5.)

Ons aanvaar die *hele Bybel* woord vir woord (Gal 3:6) as die onfeilbare Woord van God wat sonder enige teëkanting of teëspraak gehoorsaam moet word. Daarmee neem ons standpunt in teen die mense wat sê dat die eintlike Woord van God *êrens in die Bybel* is en deur die mens daarin gesoek moet word.

In die Bybel kry ons verskillende letterkundige vorme. So is daar historiese, leerstellige, profetiese, digterlike boeke, ensovoorts. By die verklaring van die Bybel moet daarmee rekening gehou word. Vir die verklaring van die Bybel is dit noodsaaklik om die tale te ken waarin die Bybel oorspronklik geskryf is (O.T. — Hebreeus; N.T. — Grieks).

'n Belangrike beginsel by die verklaring van die Bybel is *dat die Skrif homself moet verklaar*. Dit beteken dat die een deel daarvan moet help om 'n ander deel te verstaan.

### 3. DIE DRIE-ENIGE GOD

God het Homself aan ons geopenbaar as die drie-enige God: een in wese en drie in persone, naamlik die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Ons kan dit nie verstaan nie, maar moet dit gelowig aanvaar omdat God Hom so in sy Woord openbaar. (Vgl. Gen. 1:26; Matt 28:19. Vgl. ook NGB artt. 8, 9; HK Sondag 8.)

*God die Vader* tree op die voorgrond in die werk van skepping en onderhouding, *God die Seun* in die werk van die verlossing en *God se Heilige Gees* in die werk van die heiligmaking. Tog mag die werk van die drie Persone nooit van mekaar losgemaak word nie.

### 4. DIE RAAD VAN GOD

Onder die raad (of raadsplan) van God word verstaan die *besluit* wat Hy geneem het of die *plan* wat Hy in die ewigheid voor die skepping van die wêreld opgestel het oor wat alles deur die loop van die eeue sal gebeur en hoe dit sal plaasvind. In die loop van die geskiedenis sien ons die uitvoering of vervulling van hierdie raadsplan van God. (Vgl. Ps. 2:7; Ps. 33:11; Ps. 73:24; Jes. 14:27; Rom. 8:28; Ef. 1:11; vgl. ook NGB art. 13.) Deur die raad van God word die verantwoordelikheid van die mens nie opgehef nie. (Vgl. Deut. 29:29.)

## 5. DIE SKEPPING EN ONDERHOUDING VAN ALLE DINGE

Ons bely dat God die hemel en die aarde en alles wat daarin is uit niks geskape het en dit na die skepping nog onderhou en so regeer dat niks *toevallig* gebeur nie, maar alles volgens God se raad en wil plaasvind. (Vgl. Gen. 1 en NGB artt. 7 en 9; HK Sondag 10.) Ons verwerp die ewolusieteorie waarvolgens die hoër skepsels (die mense) vanself uit die laere skepsels (die diere) ontwikkel het.

God het die mens *na sy beeld en sy gelykenis* geskape (Gen. 1:26-27; 1 Kor. 11:7). Dit beteken nie dat God 'n liggaam het soos die mens nie, want die Skrif sê dat God *Gees* is en dus geen liggaam het nie (Joh. 4:24). Om die beeld van God te wees beteken dat die mens sekere eienskappe (deugde) van God in beperkte mate (gedeeltelik) besit en na buite vertoon — ook deur sy liggaamlike aksies. Enkele voorbeelde waarin die mens die beeld van God vertoon — en veral voor die sonde val vertoon het — is die volgende:

God is Liefde — mens kan ook liefhê;

God het kennis (Hy is alwetend) — die mens het ook kennis;

God heers oor alles — die mens heers ook oor die dinge wat aan hom ondergeskik is, ensovoorts. Dat die mens na die beeld van God geskape is, het veral ook die betekenis dat die mens *God se verteenwoordiger* op aarde is en moet wees.

Met die koms van die sonde is *die beeld van God in die mens baie ernstig geskend*. Wel vertoon hy nog na die val die beeld van God (Gen. 9:6; Gen. 3:9), maar baie minder as voorheen. Die mens kan nou nog liefhê, maar hy kan nou ook haat en dikwels is die haat sterker as die liefde.

*God wou hierdie geskende beeld egter herstel*. Dit het Hy gedoen deur Jesus Christus — Hy wat in die mees volmaakte sin van die woord die beeld van God was en is (Kol 1:15; Kol 2:9; Heb. 1:3). Om ons nou weer die beeld van God te laat vertoon, *maak Christus ons deur sy Woord en Gees aan sy eie beeld gelykvormig*. Daarom sê Paulus in Romeine 8:29: "Die wat Hy lank tevore verkies het, het Hy ook bestem om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun." Dit is ook ons daaglikse roeping om te stry om nie die beeld van die wêreld of die duiwel te vertoon nie, maar die beeld van Christus en derhalwe van God. Ons sal egter eers met die wederkoms van Christus verander word om volmaak sy beeld te vertoon (Fil. 3:21; 1 Joh. 3:2).

## 6. DIE SONDE

Sonde is moedswillige *ongehoorsaamheid* aan God (Gen. 2:3); dit is *wetteloosheid* of verwerping van die wet van God (1 Joh. 3:4); dit is hoogmoed en verwaandheid (Gen. 3:5; 1 Tim 3:6); dis 'n *misloop van jou bestemming*.

Een van die *gevolge van die sonde* is dat al die nakomelinge van Adam ook sondaars is. Hulle word in sonde ontvang en gebore (Ps. 51:7). Ons noem dit die leer van die *erfsonde*. Hierdie leer beteken dat 'n kindjie by geboorte reeds 'n sondaar is en skuldig staan voor God en daarom ook in die ewige straf sal kom, tensy hy of sy deel in die verlossing deur Jesus Christus.

By die erfsonde onderskei ons tussen erfskuld en erfsmet.

*Erfskuld:*

Daaronder word verstaan dat Adam se sonde ook aan sy nakomelinge toegereken word, omdat Hy nie in persoonlike hoedanigheid nie, maar in amptelike hoedanigheid as verbondshoof en hoof van die menslike geslag gesondig het. (Dit is soortgelyk aan die optrede van 'n landshoof wat oorlog verklaar. Al die inwoners van die land — ook die kindertjies — word daardeur geraak.) (Vgl. Rom. 5:12; Ef. 2:1.)

*Erfsmet:*

Daaronder word verstaan dat, soos kinders sekere eienskappe van hulle ouers erf (kleur van hare, vel, karaktereenskappe, ens.), hulle ook van hulle ouers die innerlike neiging erf om sonde te doen (Ps. 51:7).

Die *straf op die sonde* is die dood: die geestelike dood, die liggaamlike dood en die ewige dood.

## 7. DIE UITVERKIESING

Die uitverkiesing is die onveranderlike voorneme van God waardeur Hy voor die skepping van die wêreld bepaal het dat 'n sekere aantal mense uit genade om Christus ontwil gered sal word om die ewige saligheid te verkry en nie verlore sal gaan nie. (Vgl. Ef. 1:3-6; Hand 13:48 en Rom. 8:29-30.) Die *redes* vir die uitverkiesing is die soewereine wil of *welbehae* van God en die *verdiens*te van Christus.

*Die uitverkiesing en ons verantwoordelikheid.* Die uitverkiesing van God hef die mens se verantwoordelikheid nie op nie. Niemand sal eendag kan kla dat hy verlore gegaan het omdat hy nie uitverkies is nie. *Daarom moet ons in ons geestelike lewe nie begin by die uitverkiesing nie, maar by die aanbod van genade en verlossing in en deur Jesus Christus wat tot alle mense kom.* Almal wat hierdie aanbod aanneem, in Christus glo en God dien, word gered. Tog is hierdie redding ten diepste net toe te skryf aan God se uitverkiesende genade omdat Hy die mens in Christus láát glo, sodat die mens wat gered word nie kan roem in 'n eie prestasie in hierdie verband nie. Daarenteen, almal wat die aanbod van genade nie aanneem en God nie dien nie, gaan verlore en dit is hulle eie skuld.

Dit kom dus daarop neer:

*As ons gered word, is dit net te danke aan God se genade.*

*As ons verlore gaan, is dit ons eie skuld.*

Dit lyk vir ons na 'n teenstrydigheid wat ons nie kan verstaan nie, maar ons moet dit glo omdat God dit so in sy Woord aan ons openbaar.

Die twee aspekte van die uitverkiesing, naamlik God se genade aan die een kant en die mens se verantwoordelikheid aan die ander kant, kom baie duidelik na vore in die volgende twee uitsprake van Christus:

*Johannes 6:65:*

"Daarom het Ek vir julle gesê niemand kan na My toe kom as die Vader dit nie aan hom gegee het nie". (Hier word gewys op God se soewereine genade.)

*Matteus 11: 28:*

"Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee". (Hier word gewys op die mens se eie verantwoordelikheid.)

Wat ons houding teenoor hierdie twee aspekte van die uitverkiesing moet wees, word duidelik aan ons voorgelê in die volgende woorde van Moses:

*Deuteronomium 29:29:*

"Wat nie geopenbaar is nie, is bekend aan die Here ons God, maar wat geopenbaar is, is vir altyd bekend aan ons en ons nageslag: ons moet lewe volgens al die woorde van hierdie wet."

Dit beteken dat ons nie moet begin deur ons te bekommer of ons uitverkorenes is nie. Dit is 'n verborge saak wat ons gerus maar aan God kan oorlaat. Maar die geopenbaarde

dinge, naamlik dat Jesus ons roep om na Hom toe te kom en in Hom te glo — dit is die geopenbaarde wil van God. Daarmee het ons in die eerste plek te doen en daarna moet ons luister. As ons dan luister na sy roepstem, in Hom glo en Hom dien, kan ons daaruit aflei dat ons uitverkorenes is (vgl. NGB art. 14; DL hoofstuk 1).

## 8. DIE VERBOND VAN GOD

'n Verbond is 'n ooreenkoms waardeur ten minste twee partye hulle aan mekaar verbind met wedersydse beloftes en eise.

In die Paradys het God met die mens die *werkverbond* gesluit. Daarvolgens het God van die mens geëis om in al sy werke aan Hom gehoorsaam te wees. God het aan hom die ewige lewe *belowe* as hy aan genoemde eis voldoen. As hy nie aan die eis voldoen nie, sou sy *straf* die dood wees. Adam het die werkverbond verbreek toe hy die proefgebod oortree het en van die verbode vrugte geëet het. Nou kon hy en niemand van sy nakomelinge deur die doen van goeie werke (die werkverbond) die ewige lewe beërwe nie. Daarna het God om Christus ontwil met die mens (oorspronklik met Abraham) die genadeverbond opgerig. Die belofte van die genadeverbond is: God skenk uit genade, ter wille van die verdienste van Christus, vergewing van sondes, die saligheid en ewige lewe aan al sy kinders (die uitverkorenes) sonder enige verdienste met goeie werke deur hulle. Die eis van die genadeverbond is: God eis van ons om te glo dat ons volkome verlos is van sonde deur die verdienste van Christus, om ons te bekeer van ons sondes en om uit dankbaarheid vir sy genade volgens al sy gebooië te lewe. Die straf op die verwerping van die genadeverbond is die hel. (Vgl. Heb. 10:28-31.) Die *teken* van die genadeverbond was in die Ou-Testamentiese tyd die besnydenis en in die Nieu-Testamentiese tyd is dit die doop.

## 9. JESUS CHRISTUS ONS VERLOSSER

Jesus Christus is 'n ware mens (Luk 2:7; 1 Kor. 15:21) — maar sondeloos (Heb. 7:26-27) — en waarlik God (Miga 5:1; vgl. Matt 2:6; Matt 3:3; Jes. 40:3; Rom. 9:5; Kol 2:9; Tit. 2:13; 1 Joh. 5:20).

Uit die voorgaande het dit reeds duidelik geword dat die soenverdiens van Jesus Christus absoluut noodsaaklik is vir ons verlossing.

Die mens het gesondig, en om gered te word, moet vir sy sondes betaal word. Self kan die mens nie vir sy sondes betaal nie, en as daar nie van 'n ander kant af hulp kan kom nie, sou dit beteken het dat daar vir die mens niks anders oorbly as die ewige straf in die hel nie, Christus het Hom egter voor God bereid verklaar om vir ons sondes te betaal sodat ons gered kan word. Daarom het Hy deur sy geboorte uit die maagd Maria ons menslike natuur aangeneem en veral aan die einde van sy lewe op aarde die verskriklike, intense en saamgedronge lyde as straf op ons sondes *borgtogtelik*, dit wil sê vir ons en in ons plek gedra. So het Hy ons gered van die verderf en die ewige lewe in volle saligheid vir ons verwerf. (Vgl. Jes. 53:5.) Nou eis Hy egter van ons dat ons in Hom moet glo om te kan deel in die redding en verlossing wat Hy vir ons verwerf het. Toe die tronkbewaarder in Filippi aan Paulus en Silas gevra het: "Menere, wat moet ek doen om gered te word?", het hulle geantwoord: "Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word, jy en jou huisgesin" (Hand 16:30-31).

Ons moet Christus se soenverdiens vir ons redding gelowig aanneem en glo dat ons werklik daarin deel. En uit dankbaarheid vir hierdie genadeweldaad wat God in Christus aan ons bewys het, moet ons God nou verder in ons lewe met ywer dien en al ons kragte inspan om teen die sonde te stry en volgens al God se gebooië te lewe. (Vgl. HK Sondag 11, 13; NGB art. 10; DL hoofstuk 2.)

## 10. DIE HEILIGE GEES

Die Heilige Gees is nie net 'n krag nie, maar 'n *Persoon*. (Vgl. Joh. 13:16; Ef. 4:30; Op 22:17.)

Die Heilige Gees is *waaragtig God* — die derde Persoon in die Goddelike drie-eenheid. (Vgl. Hand 5:3-4; Mark 3:28-29; Matt 28:19; 2 Kor. 13:13. Vgl. ook NGB art 11; HK Sondag 20.)

Die groot *werk van die Heilige Gees* in verband met *ons verlossing en ewige redding* is om die genadeweldade wat Christus vir ons verwerf het (sy betaling van ons sondeskuld, die verlossing van die verderf, die verwerping van die ewige lewe, ens.) tot ons eiendom te maak. Die ganse lyde en sterwe van Christus sou vir ons niks beteken het as die Heilige Gees ons nie daarin laat deel het nie. 'n Lekker bord kos beteken vir die hongerige niks as hy dit net sien maar nie in die hande kry om te eet nie. Die Heilige Gees is die Een wat — as ons dit so mag stel — die kos wat Christus deur sy lyde en sterwe vir ons aan die kruis berei het, *aan ons gee* om te eet en ons ook *in staat stel* om dit te eet sodat ons die ewige lewe kan verkry. Dit doen die Heilige Gees veral deur ons met 'n ware geloof aan Christus te verbind.

## 11. DIE HEILSORDE

*Die heilsorde is die weg waarlangs en die wyse waarop die Heilige Gees* (wat van die Vader en van die Seun uitgaan) *ons die weldade wat Christus vir ons verwerf het, aan ons deelagtig en tot ons eiendom maak.*

Die heilsorde sluit die volgende in:

### 11.1 Die roeping

Die roeping is die uitnodiging wat God deur middel van sy *Woord* tot die sondaar rig om in en deur Jesus Christus na Hom te kom, verlossing van sondes te verkry en in te gaan in sy ewige koninkryk.

### 11.2 Die wedergeboorte

Die wedergeboorte is die verandering wat God deur die werking van sy Gees en Woord in die hart van die mens laat plaasvind sodat, waar dit vroeër, voor die wedergeboorte, op Satan gerig was, na hom geluister en sy wil volbring het, dit na die wedergeboorte op God gerig is, na Hom luister en sy wil volbring. Die wedergeboorte is dus 'n verandering van *lewensrigting* en die verandering vind allereers in die hart van die mens plaas.

### 11.3 Geloof

Ware godsdienstige geloof is 'n vrug van die wedergeboorte en kan kortweg aangedui word as die *hegte band wat die gelowige aan God bind*.

Ware geloof bestaan uit twee dele, naamlik *gewisse* (sekere) kennis van God soos Hy Hom in sy Woord en in die besonder in Christus geopenbaar het, en 'n vaste *vertroue* op God dat Hy my ook laat deel in die verlossing in en deur Jesus Christus. (Vgl. Heb. 11:1; HK antw. 21.)

### 11.4 Bekering

Omdat ek in God glo, bekeer ek my.

Bekering beteken dus: omdat die mens in God glo, hou hy op om die wil van die duiwel te doen en hom te dien en begin hy om die wil van God te doen en Hom te dien.

Bekering openbaar hom in 'n droefheid oor die sonde, 'n vlug vir die sonde en 'n vreugde in die diens van die Here. (HK Sondag 33.)

By iemand wat van jongs af in die vrees van die Here opgevoed is, vind die bekering in die reël nie plotseling plaas nie, maar geleidelik sonder dat 'n presiese tyd en plek van bekering aangedui kan word. (Vgl. 2 Tim 1:5 en 2 Tim 3:15.)

### **11.5 Regverdigmaking**

Dit is die regterlike daad van God waardeur Hy sy ware kinders uit genade vryspreek van skuld en sonde en hulle die geregtigheid en voldoening van Christus toereken. Deur die regverdigmaking word ons bevry van die *erfskuld*. (Vgl. Rom. 3:23-24; Rom. 5:1; NGB art. 22; HK Sondag 23.)

### **11.6 Heiligmaking**

Die heiligmaking is die werk van God waardeur Hy diegene wat Hy om Christus ontwil geregverdig het en tot sy kinders aangeneem het, ook deur sy Heilige Gees tot nuwe mense maak wat steeds meer die sonde nalaat en hulle vreugde in die diens van die Here soek en volgens sy gebooie probeer lewe. Die heiligmaking word soms ook die *daaglikse bekering* genoem. Deur die heiligmaking word ons bevry van die *erfsmet*. (Vgl. NGB art. 24, HK Sondag 33.)

### **11.7 Die volharding van die heiliges (ware gelowiges)**

Met die volharding van die heiliges word bedoel dat die ware geloof onverliesbaar is en dat 'n ware kind van die Here dus nooit verlore kon gaan nie. (Vgl. Rom. 11:9; 1 Pet 5:10; DL hoofstuk 5, veral paragrawe 4 - 10.)

### **11.8 Die heerlikmaking**

Die heerlikmaking is die voltooiing van God se genadewerk in sy ware kinders. Dan ontvang die gelowige 'n verheerlikte liggaam en ervaar hy na liggaam en siel die saligheid van die ewige lewe op die nuwe aarde onder 'n nuwe hemel. (Vgl. HK Sondag 22.)

## **12. DIE GENADEMIDDELE**

Onder die genademiddele word verstaan die middele wat die Heilige Gees gebruik om die geloof in ons tot stand te bring (dit te werk) en daardie geloof dan ook weer te versterk. Daar is twee genademiddele, naamlik die *Woord en die Sakramente*. Deur die Woord werk *en* versterk die Heilige Gees ons geloof, maar die sakramente (doop en nagmaal) dien slegs om bestaande geloof te versterk. (Vgl. HK vr. en antw. 65.)

## **13. DIE SLEUTELS VAN DIE HEMELRYK**

Onder die sleutels van die hemelryk verstaan ons die middele wat God aan sy kerk gegee het om die hemelryk (die koninkryk van God) vir die gelowiges oop te sluit en vir die ongelowiges toe te sluit. (Vgl. Matt 16:19; Matt 18:18; Op 3:7.) Daar is twee sulke sleutels, naamlik die verkondiging van die Woord en die kerklike tug (HK Sondag 31). (Dit word later breedvoeriger behandel.)

## 14. DIE LAASTE DINGE

### 14.1 By die dood

Op die oomblik as die mens sterwe, word die band verbreek wat liggaam en siel tot 'n wonderlike eenheid saambind, sodat liggaam en siel dan los van mekaar is. Gewoonlik word die liggaam daarna begrawe. Die *siel van die gelowige* gaan na die dood direk na Christus waar dit in 'n bewuste toestand 'n voorlopige vreugde en saligheid geniet tot met die wederkoms van Christus. Dan word liggaam en siel verenig om 'n volle saligheid op die nuwe aarde te smaak. Die *siel van die ongelowige* gaan by die dood direk na die verdoemenis en ervaar dan voorlopige smarte tot met die wederkoms van Christus wanneer liggaam en siel verenig word om dan saam die ewige smarte van die hel in te gaan. (Vgl. Luk 16:19-32; Luk 23:43; Fil. 1:21, Fil. 1:23; 1 Pet 3:9; Matt 22:31-32; Joh. 11:25-26; Op 6:9-10. Vgl. ook HK vr. en antw. 57.)

### 14.2 Die wederkoms van Christus

Christus kom weer — dit leer die Bybel ons in duidelike taal (Hand 10:10-11; 1 Tess 4:13-18; Op 1:7). Die wederkoms van Christus is die magtige gebeurtenis waarop die hele wêreldgeskiedenis uitloop.

In die laaste dae voor die wederkoms van Christus sal Satan ontbind word en toegelaat word om die gelowiges op die verskriklikste wyse te vervolg en te verdruk. Hy sal dit veral doen deur die Antichris — die wêrelddiktator van die einde (2 Tess 2:3-10; 1 Joh. 2:18-22; Op 13, Op 20:1-10).

By sy wederkoms sal Christus op die wolke van die hemel kom: duidelik sigbaar en kenbaar vir alle mense (Hand 1:11; Op 1:7). Sy wederkoms sal duidelik aangekondig word (1 Tess 4:6).

### 14.3 Die opstanding uit die dood

Sodra die basuin van God gehoor word wat die wederkoms van Christus oor die aarde aankondig, sal die dooies opgewek word en die gelowiges wat dan nog lewe, sal verander word, sodat hulle net soos die wat uit die dood opgewek is verheerlikte liggame sal hê (1 Tess 4:13-18; 1 Kor. 15:51-52). By die wat uit die dood opgewek is, word liggaam en siel dan weer verenig.

Die opstandingsliggaam sal enersyds *dieselfde liggaam* wees as wat die mens tans het; andersyds sal die liggame tog *heeltemal anders daar uitsien* omdat dit verheerlik sal wees. Paulus verduidelik dit met die beeld van saad en die plant wat daaruit voortkom (1 Kor. 15:35-38 en 1 Kor. 15:42-44). Dink ook aan die vlinder. Die vlinder is dieselfde wese wat vroeër 'n wurm en daarna 'n papie was. Tog is die gedaante van die vlinder baie mooier en indrukwekkender as toe dit òf 'n wurm òf 'n papie was. So is dit by die opstanding uit die dood: ons het dieselfde liggame as nou; tog is dit baie anders en baie heerliker as nou.

### 14.4 Die oordeelsdag en ewige bestemming

Op die oordeelsdag sal alle mense wat deur die eeue heen gelewe het, voor Christus verskyn om geoordeel te word. Of ons gered en of ons veroordeel sal word, sal daarvan afhang of ons waarlik in Christus geglo het en Hom ook uit geloof met ons lewe en werk gedien het of nie. Die mense sal geoordeel word volgens hulle werke (Pred. 12:14; 2 Kor. 5:10; Op 20:12). Op die oordeelsdag sal die Boeke *geopen* word (Op 20:21). Met hierdie boeke word ons *gewetens* bedoel. Daarin word alles wat ons hier op aarde gedink, gedoen en gesê het onuitwisbaar opgeteken, en op die oordeelsdag word dit geopenbaar. (Vgl. Matt 12 : 36; 25 : 14 - 46; vgl. ook NGB art. 37.) Die *ongelowiges en goddeloses* sal weggestuur word om vir ewig die smarte van die hel saam met die duiwel en sy



engele te verduur (Matt 10:28; Matt 25:41, Matt 25:46; Op 20:8; Op 21:10). *Die gelowiges* wie se name in die boek van die lewe opgeteken is (Op 20:12, 15), sal uit genade, ter wille van die soenverdienste van Christus, vrygespreek word om die ewige lewe met volmaakte vreugde en geluksaligheid te verkry as hulle op die nuwe aarde onder die nuwe hemel altyd by die Here sal wees (Op 21:1-7). Die heerlikheid wat die kind van die Here daar vir ewig sal ervaar, sal groter wees as wat 'n oog gesien, 'n oor gehoor en in die hart van 'n mens ooit opgekom het (1 Kor 2:9). (Vgl. ook NGB art. 37; HK vrae en antwoorde 44, 52, 57 en 58.)

# HOOFSTUK 5

## ***Belangrike punte in verband met die sakramente***

### **1. WAT IS SAKRAMENTE?**

Sakramente is heilige en sigbare *tekens en seëls* wat deur God ingestel is om daardeur *die belofte van die evangelie* (die verlossing in en deur Jesus Christus) nog verder aan ons te *verduidelik* sodat ons dit des te beter kan verstaan, en om ons daardeur te *verseker* dat ons werklik deel het aan dié belofte. So wil God deur die sakramente ons geloof versterk. (Vgl. HK antw. 66.)

Die sakramente is dus *tekens en seëls*:

*As tekens wys dit heen* na die gekruisigde liggaam en gestorte bloed van Christus en *verduidelik* dit verder die verlossing in en deur Jesus Christus aan my (sleutelwoorde: *net soos*).

*As seël verseker* dit my dat ek werklik deel het aan die verlossing van sondes deur Jesus Christus (sleutelwoorde: *net so seker*). *Ons moet kyk* na die tekens as die sakramente bedien word. God wil dat ons dit moet sien. Daarom word die sakramente *sigbare* tekens en seëls genoem. Daar is twee sakramente: Die *doop* en die *nagmaal*.

### **2. DIE DOOP**

#### **2.1 Die instelling van die doop**

Dit is deur Christus ingestel (Matt 28 : 19).

#### **2.2 Die doop as teken en seël**

Dit beteken: *net soos* (teken) en *net so seker* (seël) as wat water 'n mens uiterlik skoon was van die vuilheid van jou liggaam, *net so* (teken) en *net so seker* (seël) is ek as gedoopte skoon gewas met die bloed van Christus van my innerlike vuilheid, dit wil sê van al my sondes.

#### **2.3 Die doop as belofte en eis**

Met die doop beloof:

*God die Vader* aan ons dat Hy 'n ewige genadeverbond met ons oprig en ons tot sy kinders en erfgename wil aanneem en alles vir ons ten goede laat meewerk;

*God die Seun* aan ons dat Hy ons was met sy bloed van al ons sondes;

*God die Heilige Gees* aan ons dat Hy in ons wil woon, ons aan Christus wil bind deur die geloof, die weldade wat Christus vir ons verwerf het tot ons eiendom wil maak en ons wil reinig en heilig om eenmaal onbevlek voor God te verskyn.

Deur die doop *eis* God van ons dat ons bogenoemde beloftes in die geloof moet aanneem; dat ons moet lewe in gehoorsaamheid aan God; dat ons Hom bo alles moet liefhê met ons hele hart, siel, verstand en al ons kragte.

## 2.4 Die wyse van doopbediening (onderdompeling en besprenkeling)

- 2.4.1 Dit moet bedien word in die *Naam* van die Vader en die Seun en die Heilige Gees (Matt 28:19).
- 2.4.2 Dit moet bedien word met *water* (Matt 3:16; Hand 10:47).
- 2.4.3 Die doop kan bedien word deur *onderdompeling* of *besprenkeling*. Teenoor diegene wat sê dat die doop net deur onderdompeling moet geskied, leer die Gereformeerde belydenisskrifte dat dit ook deur besprenkeling kan geskied. Die redes daarvoor is die volgende:
  - 2.4.3.1 Dit is nie die doopwater self wat die sondes afwas nie. Die water by die doop is slegs 'n heenwysing (teken en seël) na die bloed van Christus wat die sondes afwas. Daarom maak dit nie saak of daar by die doop baie of min water gebruik word nie.
  - 2.4.3.2 Die saak wat die doop afbeeld, naamlik die reiniging van sondes deur die bloed van Christus, word in die Bybel ook genoem die besprenkeling met die bloed van Christus (Eseg. 36:25; Heb. 11:28; Heb. 12:24; 1 Pet 1:2).
  - 2.4.3.3 Hoewel die doop, sover bekend, aan die begin meesal deur onderdompeling geskied het, kry ons reeds vanaf die einde van die eerste eeu n.C. gevalle van besprenkeling by gebrek aan water of as dit aan siekes op hulle beddens bedien is.

## 2.5 Aan wie die doop bedien moet word

- 2.5.1 *Aan die volwassenes wat glo*

Die doop word bedien aan mense wat op volwasse leeftyd tot geloof en bekering kom (Hand 8:38, 10:47).
- 2.5.2 *Aan die kinders van gelowiges*

Die doop was van die begin af nie net aan die volwasse gelowiges bedien nie, maar ook aan die kinders van die gelowiges. Die vernaamste rede waarom ons die kinderdoop handhaaf, is die volgende:
  - 2.5.2.1 Ons vind reeds in die Nuwe Testament bewyse dat *hele huisgesinne* gedoop is (Hand 10:47-48; 16:15, 33; 18:8; 1 Kor. 1:16).
  - 2.5.2.2 Die kinders van die gelowiges behoort tot die genadeverbond, en God se beloftes wat Hy in die genadeverbond gee, gee Hy óók aan die kinders van die gelowiges soos blyk uit Handeling 2:39: "Wat God belowe het, is vir julle en vir julle kinders . . .". Daarom moet die kinders ook die doop as teken van die verbond ontvang. Die kinders van die gelowiges is heilig (in die sin dat hulle aan God behoort) omdat hulle ouers gelowiges is (1 Kor. 7:14).
  - 2.5.2.3 Die besnydenis het as teken van die verbond op die agtste dag plaasgevind. *Die doop het in die plek van die besnydenis gekom* (Kol 2:11-12). Daarom is dit logies dat die doop ook aan kinders bedien moet word.
  - 2.5.2.4 Die doop is in die Ou Testament afgebeeld deur die tog van Israel deur die Rooisee (1 Kor. 10:2), en daar was tog ook baie kinders wat die tog deur die Rooisee meegemaak het.
  - 2.5.2.5 Die doop van kinders was in die tyd van Christus se omwandeling op aarde 'n bestaande gebruik en dus 'n bekende saak omdat volwassenes *en kinders* wat van die heidendom na die Jodendom oorgegaan het met die sogenaamde proselietedoop gedoop is.
  - 2.5.2.6 Daar word nêrens in die Bybel vermeld dat kinders nie gedoop mag word nie.

## 2.6 Die spoedige bediening van die doop

Die standpunt van die Gereformeerde Kerke is dat die doop so spoedig moontlik bedien moet word. Die redes daarvoor is die volgende:

- 2.6.1 Die doop is bo alles 'n *saak tussen God en die kind* en geen formaliteit of familieplegtigheid nie. God wil deur die doop sy verbond aan die kind verseël en ons moet nie deur onnodige uitstel van die doop God verag en die seën van God aan die kind onthou nie.
- 2.6.2 Die kind wat van God ontvang is, moet *uit dankbaarheid* so gou as moontlik weer na God gebring word sodat Hy sy verbond aan die kind kan verseël.
- 2.6.3 God het Hom verskriklik vertoorn by nalatigheid om die besnydenis uit te voer. Hy wou Moses om hierdie rede selfs doodmaak (Eks 4:24-26). Waar die doop nou in die plek van die besnydenis gekom het (Kol 2:11-12), sal sy toorn ook opgewek word as die doop onnodig uitgestel word.

Om bogenoemde redes is die Gereformeerde Kerke ook gekant teen die sogenaamde "Doopsondae", dit wil sê net sekere Sondae (gewoonlik een maal per maand) waarop die doop bedien word. Dit moet noodwendig 'n vertraging van die doopsbediening in die hand werk.

Onthou: doopsbediening het niks met naamgewing te doen nie.

## 2.7 Besware teen die bediening van die doop in privaat wonings

- 2.7.1 Aansoeke om die doop in privaat wonings te bedien, kom dikwels op uit 'n verkeerde Roomse beskouing omtrent die doop dat alle kinders wat ongedoop sterwe die ewige saligheid nie sal beërwe nie bloot omdat hulle nie gedoop is nie. Hierteenoor stel die Gereformeerde leer: die doop maak 'n mens nie salig nie, maar is slegs 'n teken en seël dat die kinders van gelowiges aan Hom behoort en deelgenote van die verlossing van Christus is.
- 2.7.2 Die bediening van die sakramente moet staan onder die toesig van die kerkraad. Dit gebeur gewoonlik nie by die doop in privaat wonings nie. As die doop in 'n privaat woning bedien word, moet dit 'n behoorlike erediens wees waarby die kerkraad en soveel as moontlik van die gemeente teenwoordig is.
- 2.7.3 Die bediening van die doop behoort elke lid van die gemeente te herinner aan die heerlike betekenis van sy of haar eie doop. Daarom is dit wenslik dat dit in die midde van die gemeente geskied.

## 3. DIE NAGMAAL

### 3.1 Die instelling van die nagmaal

Dit is deur Christus ingestel (Matt 26:17-30; Mark 14:12-25; Luk 22:7-23; 1 Kor. 11:23-29).

### 3.2 Die nagmaal as teken en seël

As *teken* wys die brood wat gebreek word en die wyn wat uitgegiet word *heen* na die gebreekte liggaam en gestorte bloed van Christus. As *teken* verduidelik dit verder aan my dat *net soos* die brood gebreek en die wyn uitgegiet word, *net so* is Christus se liggaam gebreek en sy bloed vergiet tot volkome versoening van al ons sondes. As *seël* verseker die nagmaal my dat *net so seker* as wat die brood voor my oë gebreek en die wyn uitgegiet word, *net so seker* is die liggaam van Christus gebreek en sy bloed vergiet tot

volkome versoening van al my sondes.

### 3.3 Die nagmaal as gedagtenismaaltyd

Die nagmaal moet ons steeds *herinner* aan die versoeningslyde en sterwe van Christus. Die gelowiges mag dit nooit vergeet nie. Daarom het Christus ook beveel: "Gebruik dit, elke keer as julle daaruit drink, tot my gedagtenis" (1 Kor. 11:25). Die kerk moet daarmee aanhou totdat Christus kom (1 Kor. 11:26).

### 3.4 Die nagmaal as profesie

Die nagmaal wys nie net terug nie (gedagtenismaaltyd). Dit wys ook *vorentoe* na die Bruilofsmaal van die Lam (Op 19:7-9). So wys die nagmaal ook heen na die ewige lewe en saligheid wat wag op die kinders van God op grond van die soenverdienste van Christus.

### 3.5 Die nagmaal as belydenisdaad

Deur die gebruik van die nagmaal bely die gelowige:

- 3.5.1. dat hy 'n *sondaar* is, dat hy glo dat God om Christus ontwil *sy sonde vergeef het*, dat hy *van voorneme is* om verder aan Christus gehoorsaam te wees en volgens al die gebooie van God te lewe;
- 3.5.2 Die *gemeenskap* (eenheid) met die *ander gelowiges*. (Vgl. Nagmaalsformulier: "... almal saam een liggaam . . .".)

### 3.6 Die wyse van die bediening van nagmaal

#### 3.6.1 Beker of kelkies?

Die standpunt van die Gereformeerde Kerke is dat die nagmaal met 'n beker bedien moet word en nie met kelkies nie, en wel om die volgende redes:

- 3.6.1.1. Christus het die nagmaal met 'n beker ingestel en nie met kelkies nie. Mat 26:27 : "Toe neem Hy 'n beker, en nadat Hy die dankgebed uitgespreek het, gee Hy dit vir hulle en sê: Drink almal daaruit..."
- 3.6.1.2. Die eenheid, samehang en onderlinge band word baie duideliker geopenbaar as die nagmaal met 'n beker bedien word as wanneer dit met kelkies bedien word. Die bediening met kelkies is meer individualisties van aard en individualisme is in stryd met die hele karakter van nagmaal.

#### 3.6.2 Aan 'n tafel of in die banke?

Die standpunt van die Gereformeerde Kerke was in die verlede dat die nagmaal nie in die banke nie, maar aan 'n tafel moet geskied. Die redes is die volgende:

- 3.6.2.1 Christus het die nagmaal *aan 'n tafel ingestel* (Matt 26:20).
- 3.6.2.2. Christus het die nagmaal ingestel in die vorm van 'n maaltyd (Matt 26:26-28). Die idee van 'n maaltyd gaan verlore as dit in die banke bedien word.
- 3.6.2.3 As die nagmaal in die banke bedien word, kan geen behoorlike toesig gehou word dat slegs diegene wat daartoe geregtig is daaraan deelneem nie, terwyl sodanige toesig deur die kerkraad tog uiters noodsaaklik is. (Vgl. HK antwoord 82.)

Hierdie standpunt is deur die Nasionale Sinode in 1988 opnuut bekragtig. Teen hierdie besluit is na die Algemene Sinode in 1988 geappelleer en die appèl het

geslaag.

### 3.7 Voorbereiding vir die nagmaal

Dit is absoluut noodsaaklik dat 'n mens jousef behoorlik moet voorberei vir die viering van die nagmaal. Paulus toon dit duidelik aan as hy sê: "Maar elkeen moet eers homself ondersoek voor hy van die brood eet en uit die beker drink . . ." (1 Kor. 11:28). Die selfbeproeving of selfondersoek as voorbereiding vir die nagmaal bestaan hoofsaaklik uit drie dele:

3.7.1 Jy moet jou *sonde ken*, daaroor berou hê en dit voor God bely.

3.7.2 Jy moet *glo* dat al jou sondes jou volkome vergewe is ter wille van die soenverdienste van Christus.

3.7.3 Jy moet jou *van harte voorneem* om uit dankbaarheid die sonde verder nie meer te doen nie, maar om net te lewe volgens die gebooie van die Here.

### 3.8 Toegang tot die nagmaal

Nie alle mense mag die nagmaal gebruik nie. Toegang tot die nagmaal het 'n *persoonlike en 'n kerklike kant*. Die *persoonlike kant* is in die vorige punt gestel wat handel oor die voorbereiding vir nagmaal. In jou voorbereiding vir nagmaal moet jy allereers vir jousef voor God besluit of jy mag toetree.

Die *kerklike kant* hou die volgende in: die nagmaal is *heilig* in die sin dat *net gelowiges* daaraan mag deelneem. Persone wat deur hulle woorde en/of dade toon dat hulle goddelose mense is, mag nie tot die nagmaal toegelaat word nie. As sulke mense wel aan die nagmaal deelneem, is dit tot ernstige nadeel vir *hulleself en vir die gemeente*.

- Dit is tot *hulle eie nadeel*, want daardeur maak hulle hulle eie oordeel en straf nog net swaarder (1 Kor. 11:34). Hulle gee voor dat hulle God liefhet en dien, terwyl dit in werklikheid nie so is nie en . . . God laat Hom nie bespot nie.
- Dit is *tot nadeel van die gemeente*, want so word die toorn van God oor die ganse gemeente verwek. (Dink aan die geskiedenis van Agan volgens Josua 7. Hy alléén het gesondig, maar toe het die toorn van God op die *hele Israel gerus*.) (Vgl. ook HK vr. en antw. 82.)
- Omdat die nagmaal *so heilig is*, moet die ouderlinge as regeerders van die kerk toesien dat net ware gelowiges daaraan deelneem. Die ander moet toegang tot die nagmaal verbied word.

Om dus tot die nagmaal toegelaat te word moet 'n mens:

1. eers belydenis van geloof aflê;
2. deur jou lewe ook toon dat jy lewe soos iemand wat waarlik in Christus glo;
3. 'n lidmaat van die plaaslike gemeente wees.

- Lidmate van *ander gemeentes* kan ook as gaste tot die nagmaal toegelaat word, mits daar genoegsame getuienis is dat hulle werklik belydende lidmate is en waarlik in Christus glo en volgens God se Woord lewe.

### 3.9 Die nagmaal as 'n bevel

Die viering van die nagmaal is 'n *uitdruklike bevel van Christus*. Hy het ten opsigte van

die nagmaal *beveel* "Doen dit tot my gedagtenis" (Luk 22:19; 1 Kor. 11:24). Wie die nagmaal dus onnodig nalaat, is ongehoorsaam aan Jesus Christus self. As 'n mens se lewe sodanig is dat jy nie mag nagmaal gebruik nie omdat jy dan die tafel van die Here sal ontheilig, moet jy jou van jou sondes bekeer sodat jy dit wel kan gebruik.

### **3.10 Die nagmaal en ons geloofslewe**

Die viering van die nagmaal moet 'n *uitvloei* van 'n *gesonde geloofslewe wees en is beslis geen assuransie vir saligheid nie*. Daarom is dit *heeltemal teenstrydig* (eintlike leuens) om Christus in die gewone, alledaagse lewe nie te ken en te eer nie, en nooit of byna nooit die eredienste (waar Christus verkondig word) by te woon nie, en tóg begerig te wees om deel te hê aan die nagmaal (wat ook maar weer 'n verkondiging van Christus is).

## HOOFSTUK 6

### *Belangrike punte in verband met die erediens*

#### 1. DIE SUIWERE BEDIENING VAN DIE WOORD

Aangesien die Heilige Gees die geloof werk (tot stand bring) en versterk deur die verkondiging van die Woord, is dit noodsaaklik dat dit suiwer en reg verkondig moet word. Vir die suiwer bediening van die Woord is die volgende noodsaaklik:

- 1.1 Die Woord moet *verklaar* en *toegepas* word en wel op so 'n wyse dat 'n mens eintlik dwarsdeur die preek hoor: So sê die HERE Here.
- 1.2 *Christus is die middelpunt* van die Skrif. Alles in die Skrif het op een of ander wyse op Hom betrekking. Daarom moet elke preek 'n verkondiging van Christus wees. Vergelyk 1 Kor. 2:2: "want ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde".
- 1.3 Christus het gekom as 'n *val* en 'n *opstanding*. Vir sommige is Hy 'n rots van struikeling en vir ander 'n rots van redding en ewige behoud. Daarom moet elke preek die elemente van die genade van God vir die gelowiges en die oordeel van God vir die ongelowiges bevat (2 Kor. 2:16; Heb. 4:12; Luk 2:34).
- 1.4 Die vertel van verhale in die preek moet afgewys word omdat dit volgens die Skrif sal voorkom in 'n tyd van afval en verwatering in die kerk (2 Tim 4:2-4). Verhale in 'n preek kan ook nie vertel word met 'n beroep daarop dat Christus gelykenisse vertel het nie, want die *doel en strekking* van die gelykenisse is meer as die blote vertel van verhale ter illustrasie (Matt 13:10-13).

#### 2. KINDERDIENSTE

Teen erediens wat spesiaal net vir kinders gereël word, het ons die volgende besware:

Die erediens is 'n vergadering van die *hele gemeente* en nie van 'n aparte deel daarvan nie, ongeag of hulle oud of jonk is.

- 2.2 Die gevaar bestaan dat, wat die kerklike lewe betref, die *eenheid van die gesin* nie tot sy reg kom nie.
- 2.3 Die gevaar bestaan dat kinders en jongmense *kan afleer om na die gewone erediens te gaan* en dat die neiging by hulle mag ontstaan om net na dienste te gaan wat spesiaal vir hulle gereël is.

#### 3. GESANGE

Die redes vir die afwysing van die sing van gesange tydens die erediens is die volgende:

- 3.1 Gesange is godsdienstige liederes met 'n *menslike oorsprong*. In die erediens moet die Woord van God die sentrale plek inneem. Daarom behoort psalms en Skrifberymings, wat 'n goddelike oorsprong het, daar gesing te word in plaas van gesange met hulle menslike herkoms.

Op die voetspoor van Augustinus het Calvyn gesê dat niemand iets kan sing wat God waardig is nie of hy moet dit van God self ontvang. "Daarom sal ons ook, nadat oral gesoek en nagespeur is, geen beter liederes vind as die Psalms van Dawid wat die Heilige Gees hom ingegee het nie. Alleen as ons hulle sing, is ons seker dat God die woorde in ons mond lê asof Hyself in ons gesing het om sy glorie te verhoog."

- 3.2 Dit is *onnodig*. Alles wat deur die gesange besing word, word net so goed en



eintlik beter deur die psalms of berymde Skrifgedeeltes besing. Vergelyk in hierdie verband byvoorbeeld Psalm 139 en Gesang 47: albei handel oor die alomteenwoordigheid van God.

- 3.3 Gesange *verdring* die psalms in die praktyk. Dit beteken ook 'n verskuiwing weg van die Woord van God af.
- 3.4 Die sing van psalms en Skrifberymings is 'n *waarborg vir die suiwerheid* van die kerklied. Dit is 'n belangrike saak, aangesien ons uit die kerkgeskiedenis leer dat sektariese en ketterse groepe in die verlede die vrye lied (waarvan die teks nie in die Bybel staan nie) doelbewus aangewend het as middel om hulle dwaalleer te propageer. Daarom is dit die veiligste om liedere te sing waarvan die teks in die Bybel staan. Dan is die moontlikheid dat 'n dwaalleer deur middel van die kerklied kan insluip tot 'n minimum beperk, aangesien die kerklied dan altyd aan die hand van die Skrif gekontroleer en gekorrigeer kan word.
- 3.5 Vanweë die menslike oorsprong van die gesange kan daar onsuiwerhede insluip en is dit nodig dat dit van tyd tot tyd *hersien* moet word.

#### 4. KOORSANG IN DIE EREDIENS

Die volgende redes kan genoem word vir die afwysing van koorsang tydens die erediens deur die Gereformeerde Kerke.

- 4.1 Die erediens is 'n ontmoeting van God met sy gemeente in die vorm van 'n *tweegesprek*: God spreek tot sy gemeente (o.a. deur die verkondiging van die Woord) en die gemeente antwoord daarop (o.a. deur die psalmsang). Dit is noodsaaklik dat die *hele* gemeente daarop moet antwoord. Op die vraag of die koor namens en as mondstuk van die gemeente kan optree, antwoord prof. J. A. Heyns: "Dit bots met die wese van die erediens. 'n Gedeelte van die gemeente mag nie, en allermins in 'n kunsmatige en voorafge oefende vorm, namens die hele gemeente antwoord nie. God spreek nie net 'n gedeelte aan nie, maar die ganse gemeente". Daarom moet die hele gemeente in psalmsang op die spreke van God antwoord. 'n Koor skakel die gemeente uit en hou hulle passief. Sodoende belemmer dit die erediens as 'n tweespraak tussen God en sy gemeente. Die gevaar daaraan verbonde blyk onder andere daaruit dat die invoering van koorsang in die Roomse Kerk uiteindelik daartoe gelei het dat die gemeentesang heeltemal uitgeskakel is.
- 4.2 Die koorsang gee aan die erediens 'n *konsertatmosfeer*.

# HOOFSTUK 7

## *Die tug*

### 1. WAAROM DIT EINTLIK GAAN IN DIE KERKLIKE TUG

Die kerklike tug kan alleen verstaan word vanuit die geloof in Christus Jesus as ons Redder en Verlosser.

- *In die kerklike tug gaan dit sentraal om God se liefdesaanbod van redding en ewige verlossing in Christus en ons antwoord daarop; dit gaan om onsliefde tot Jesus Christus OF ons gebrek aan liefde teenoor Hom.*
- Daarom kan die wese van die kerklike tug eintlik saamgevat word in die woorde van Paulus in 1 Korintiërs 16:22: "As iemand die Here Jesus Christus nie liefhet nie, laat hom 'n vervloeking wees! Maranáta!".

Christus het deur sy soenverdienste sy liefdeshande na ons as verlore gaande sondaars uitgesteek om ons te red. Daarom verwag en eis Hy van ons dat ons in wederliefde daarop moet antwoord deur sy reddingsdaad in geloof en liefde aan te neem. As ons egter hierdie onbeskryflike groot liefde van Hom tot ons gaan ignoreer of roekeloos wegklap, is ons vervloektes op wie die ewige oordeel van God wag. Aangesien die kerk die liggaam van Christus is waarin daar slegs plek is vir hulle wat Hom waarlik liefhet, moet dié wat Hom nie liefhet nie en op wie God se vervloeking rus ook uit die kerk verwyder word. Dit word gedoen deur die kerklike tug. Dan tree die bevel van die Here deur die apostel Paulus in werking, naamlik: "Verwyder dié slegte mens onder julle uit" (1 Kor. 5:13).

### 2. DIE DOEL VAN DIE KERKLIKE TUG

Die doel van die tug is:

- 2.1 om *goeie orde* in die gemeente van die Here te handhaaf, want "God is nie 'n God van wanorde nie" (1 Kor. 14:33, 40);
- 2.2 om die *gemeente rein en heilig te hou* sodat verkeerde elemente (persone) dit nie deur 'n onchristelike leer of lewe mag besoedel nie (1 Kor. 5:1, 6, 7, 13);
- 2.3 om die *sondaar te red* (1 Kor. 5:3-5; vgl. ook Spr. 12:1; Spr. 13:24; Spr. 15:10).

Hierdie drieërlei doel van die tug moet baie goed voor oë gehou word, aangesien daar mense is wat van oordeel is dat die kerk met die tug alleen ten doel het om van "lastige en verkeerde" lidmate ontslae te raak. Dit is hoegenaamd nie die geval nie; intendeel, die tug beoog juis die redding van die sondaar.

### 3. DIE NOODSAAKLIKHEID VAN DIE TUG

Die noodsaaklikheid van die tug blyk reeds uit die vorige punt, naamlik die handhawing van orde in die gemeente van die Here en om die gemeente rein en heilig te hou. 'n Kerk sonder tug is soos 'n regering sonder polisie en 'n militêre mag. Die tug is in die kerk so noodsaaklik dat Calvyn dit *die senuwee van die kerk* genoem het.

### 4. DIE GESINDHEID WAARIN TUG TOEGEPAS MOET WORD

Die uitoefening van die kerklike tug moet steeds *in liefde* geskied. Dit moet geskied in 'n gesindheid van heilige liefde en bekommernis om die sondaar te red van die ewige oordeel. (Vgl. Spr. 13:24; 2 Tess 3:14, 15; Heb. 12:5-8.) Dwarsdeur die hele proses van

vermaning en tug moet die woorde van Paulus eintlik gehoor word: "Ons tree dan op as gesante om Christus wil, asof God deur ons vermaan. Ons bid julle om Christus wil: Laat julle met God versoen." (2 Kor. 5:29).

## 5. WIE SE TAAK IS DIT OM TUG UIT TE OEFEN?

5.1 Dit is die taak van *elke lidmaat* (Matt 18:15-17; Eseg. 3:16-21).

5.2 Dit is veral die taak van *die ouderlinge* as regeerders van die kerk (Matt 18:17).

## 6. DIE VERLOOP VAN DIE TUG

### 6.1 Vermaning deur medegelowiges

Matteus 18:15-17: "As jou broer verkeerd opgetree het teen jou, gaan wys hom tereg waar julle eenkant alleen is. As hy na jou luister, het jy jou broer teruggewen. Maar as hy nie luister nie, neem nog een of twee met jou saam, sodat alles wat gesê word, deur die woord van twee of drie getuies bevestig kan word. En as hy na hulle nie luister nie, sê dit vir die gemeente. As hy ook na die gemeente nie luister nie, moet jy hom as 'n heiden en 'n tollenaar behandel."

### 6.2 Vermaning deur die ampsdraers

Hulle vermaan so 'n persoon namens "die gemeente" (Matt 18:17).

### 6.3 Afhouding van die sakramente

Gewoonlik word 'n persoon verbied om die sakramente te gebruik as hy na verskeie vermanings nogtans nie van sy sonde(s) wil afsien nie maar daarin volhard. As 'n persoon 'n *openbare growwe sonde* begaan het, kan hy (sy) direk (sonder voorafgaande vermanings) van die sakramente afgehou word. Hierdie afhouding van die sakramente word soms ook die "stille sensuur" genoem omdat tot op hierdie stadium niks aangaande die betrokke persoon amptelik deur die kerkraad aan die gemeente bekendgemaak word nie.

### 6.4 Die drie trappe van tug

Indien die persoon volhard in sy(haar) sonde, geskied die verdere toepassing van die tug in drie trappe met behoorlike tussenposes waarin die vermanings voortgesit word.

#### 6.4.1 Eerste trap

Die bekendstelling aan die gemeente dat 'n persoon onder die eerste trap van sensuur geplaas is sonder dat die naam en adres van die persoon vermeld word. Die sonde word wel vermeld. Die gemeente word gevra om vir die persoon te bid.

#### 6.4.2 Tweede trap

Die bekendstelling van die naam en adres van die persoon asook sy (haar) sonde *nadat advies by die klassis ingewin is*. Weer word die gemeente versoek om vir die persoon te bid.

#### 6.4.3 Derde trap

Die bekendstelling van die naam en adres van die persoon asook sy (haar) sonde. Ook word aangekondig dat, indien daar geen bekering plaasvind nie, daar weldra tot afsnyding oorgegaan sal word. Die gemeente word nogmaals verstrek om vir die persoon te bid.

## **7. Die afsnyding**

Dit geskied volgens die afsnydingsformulier (agter in die Psalmboek).

### **Die betekenis van die afsnyding**

As iemand na die derde trap van sensuur afgesny word as lidmaat van die kerk, beteken dit nie net dat hy (sy) voortaan nie meer lid van die kerk is nie, maar ook dat hy (sy) uitgesluit word uit die koninkryk van God en beskou moet word as 'n heiden en 'n tollenaar vir wie die ewige oordeel wag. (Vgl. Matt 16:19; Matt 18:17; HK vr. en antw. 85.)

### **Bekering en afsnyding**

Indien 'n persoon hom (haar) na afsnyding bekeer, word hy (sy) weer aanvaar as burger(es) van die koninkryk van God en as lidmaat van die kerk opgeneem volgens die formulier agter in die Psalmboek.

## HOOFSTUK 8

### ***Belangrike punte in verband met die kerklike lewe***

#### **1. DIE BYWONING VAN EREDIENSTE**

Die eredienste *moet gereeld bygewoon word* en wel om die volgende redes:

- 1.1 Dit is die Woord van die *ewige en heilige God* wat daar verkondig word. Matt 4:4: "Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan".
- 1.2 Die Heilige Gees gebruik die Woord wat verkondig word as middel om die wedergeboorte in die mens te bewerk en die mens tot *geloof te bring* (1 Pet 1 :23), maar ook om die *bestaande geloof te versterk* en te laat groei (1 Pet 2 : 2).
- 1.3 Deur die verkondiging van die Woord *word die koninkryk van die hemel oop- en toegesluit*. Dit gebeur as aan die gelowige verkondig word dat sy sondes om Christus ontwil vergewe is en dat hy derhalwe 'n erfgenaam van die ewige lewe is. Dit gebeur verder as aan die ongelowige verkondig word dat die toorn van God op hom rus en die ewige oordeel op hom wag (HK vr. en antw. 84).
- 1.4 God spreek tot die individuele mens *deur die amptelike verkondiging van die Woord aan die gemeente*. Openbaring 3:6, 13: "Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê". Daarom kan die individuele lidmate nie los van die gemeente met sy gereelde samekomste lewe nie. In Handeling 2:47 word ook verklaar: "En die Here het daagliks by die gemeente gevoeg die wat gered is". In Openbaring 1 - 3 lees ons ook dat Christus met die *gemeentes* spreek deur middel van die predikant of voorganger (engel).
- 1.5 Ons moet uit dankbaarheid vir God se genade in Christus aan ons die eredienste gereeld bywoon. By die Ou-Testamentiese gelowiges was daar reeds 'n vurige verlange om in die huis van die Here te kan wees (Ps. 23:6; 27:4; 84:3, 11). Hoeveel te meer geld dit nie vir ons wat leef in die nuwe en ryker bedeling van die Nuwe Testament om uit dankbaarheid die Here te soek en te dien in sy huis nie!
- 1.6 Hoe meer ons die eredienste bywoon, des te beter sal ons ook die Woord van God verstaan en groei in geloof en liefde tot God. Dan sal dit nie nodig wees dat ons soos kinders in die geloof met die Woord van God *in die vorm van melk* gevoed moet word nie, maar sal ons soos volwassenes in die geloof met die Woord van God *in die vorm van vaste spyse* gevoed word. Vergelyk Hebreërs 5:13, 14 en 6:1: "Want elkeen wat melk gebruik, is onervare in die woord van geregtigheid, omdat hy 'n kind is. Maar vaste spys is vir volwassenes, vir die wat geestesvermoëns besit deur die gewoonte geoefen, om goed van kwaad te onderskei. Daarom moet ons nie bly by die begin van die prediking aangaande Christus nie, maar na die volmaaktheid voortgaan sonder om weer die fondament te lê van die bekering uit dooie werke en van die geloof in God".
- 1.7 *Christus het*, "... soos Hy gewoon was. . .", op die Sabbatdag na die sinagoge gegaan (Luk 4:16). Ons moet Hom hierin *navolg*. Dit moet by ons ook 'n *vaste gewoonte wees* om gereeld die eredienste by te woon. Vergelyk ook Hebreërs 5:14 (aangehaal by 1.6) die woorde "deur die gewoonte geoefen".
- 1.8 Die volgende uitsprake in die Bybel toon duidelik dat God *self ons beveel en van ons eis* om die verkondiging van sy Woord in die eredienste gereeld by te woon:
  - 1.8.1 *Johannes 8:47:*

"Die wat uit God is, luister na die woorde van God. Daarom luister julle nie, omdat julle nie uit God is nie". Wie nie ware kinders van God is nie, stel nie belang om na sy woorde te luister nie. As dit andersom gestel word, kom dit daarop neer dat wie nie na die woorde van God wil luister nie daardeur aandui dat hulle nie ware kinders van die Here is nie.

#### 1.8.2 Romeine 10:14, 17:

"Hoe kan hulle Hom dan aanroep in wie hulle nie geglo het nie? En hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek? . . . Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God". Hier moet ons let op die nou verband tussen die *geloof* en die *hoor van die Woord van God*.

#### 1.8.3 1 Korintiërs 1:21:

"Want aangesien in die wysheid van God die wêreld deur die wysheid God nie geken het nie, het dit God behaag om deur die dwaasheid van die prediking die wat glo, te red"

#### 1.8.4 Hebreërs 10:25:

"en laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie . . .". Hier het ons 'n uitdruklike bevel vir die bywoning van eredienste, aangesien die "onderlinge byeenkoms " hier betrekking het op die eredienste. Hier word ook gewys op 'n *slegte gewoonte* om die eredienste *nie* by te woon nie.

#### 1.8.5 1 Petrus 2:2:

"en verlang sterk soos pasgebore kindertjies na die onvervalste melk van die woord, dat julle daardeur kan opgroei". Dit beteken dat die gelowige so sterk na die Woord van God moet verlang soos kindertjies na moedersmelk. Die melk van die Woord laat hulle immers groei in die geloof.

## 2. KERKLIKE BYDRAES

### 2.1 Die motief vir die gee van kerklike bydraes

#### 2.1.1 Die Kerkdien moet onderhou word

Kerklike bydraes is noodsaaklik vir die onderhouding van die kerkdien en die uitbreiding van God se koninkryk. Stoflike middele is nodig vir die oprigting van kerkgeboue, vir die onderhoud van bedienaars van die Woord, vir die druk en verspreiding van Bybels, ensovoorts. Dit is die *plig* van die lidmate om deur hulle kerklike bydraes dié stoflike middele te voorsien. *Kerklike bydraes is geen liefdadigheid nie, maar plig; dit is skuld wat betaal moet word.* Vergelyk 1 Korintiërs 9:13, 14: " Weet julle nie dat die wat met die heilige dinge werk, uit die heiligdom eet nie; en dat die wat by die altaar besig is, met die altaar deel nie? So het die Here ook vir die wat die evangelie verkondig, bepaal dat hulle van die evangelie moet lewe".

#### 2.1.2 Uit dankbaarheid

Uit dankbaarheid vir die onuitspreeklike groot offer van liefde wat Christus gebring het om my saak te bevorder, ja om my ewige redding en verlossing te bewerk, moet ek nou ook bereid wees om van my kant groot offers te bring om die saak van Christus en die uitbreiding van sy koninkryk te bevorder (2 Kor. 8:1-9). Dankbaarheid vir die stoflike gawes wat ons van die Here ontvang het, moet ons ook aanspoor om daarvan te neem en te gee vir die diens van die Here. As ons dit nie doen nie, berooft ons die Here (Mal 3:8).

#### 2.1.3 Die kerk eis dit

Die kerkraad het volgens die Skrif ook die mag en bevoegdheid om van die lidmate bydraes te eis wat nodig is vir die welsyn van die kerk en die uitbreiding van Gods koninkryk. (Vergelyk Matt 16:19; Rom. 13:1-7; 1 Pet 2:13-17; HK vr. en antw. 104.)

## 2.2 Die karakter van die kerklike bydraes

### 2.2.1 Dankoffer

Soos blyk uit die voorgaande moet dit die karakter dra van 'n offer uit dankbaarheid vir God se groot genade en liefde wat Hy in Christus aan ons bewys het, en uit dankbaarheid vir al die stoflike seëninge wat ons van Hom ontvang.

### 2.2.2 Bereidwilligheid en blymoedigheid

Ons moet ons bydraes gee met volle bereidwilligheid. Paulus sê dat ons bydraes nie die karakter moet openbaar van "iets wat afgepers is nie" (2 Kor. 9:5). Dit moet nie gegee word "met droefheid of uit dwang nie, want God het 'n blymoedige gewer lief" (2 Kor. 9:7).

### 2.2.3 Die eerste en beste vir die Here

Deur my kerklike bydraes moet ek toon dat die Here en die sake van die Here die eerste plek in my lewe inneem. In die praktyk beteken dit dat my kerklike bydraes *die eerste plek* in my maandelikse of jaarlikse begroting moet inneem en beslis nie die laaste plek soos dit gebeur het in die tyd van die profeet Maleagi (Mal 1:8, 14) en soos dit so dikwels ook in ons tyd gebeur nie. Die eis om die eerste aan die Here te gee, is ook in die Skrif gegrond. (Vgl. Spreuke 3:9-10: "Vereer die HERE uit jou goed en uit die eersteling van al jou inkomste; dan sal jou skure vol word van oorvloed en jou parskuipe oorloop van mos" — 1953-vertaling).

## 2.3 Die hoeveelheid van die bydraes

### 2.3.1 Die tiendes

Die gee van tiendes van jou inkomste was in die Ou-Testamentiese tyd verpligtend. Vir ons in die Nieu-Testamentiese tyd is dit nie meer verpligtend in die sin wat dit was in die Ou-Testamentiese tyd nie. Tog is dit vandag nog vir ons 'n goeie en Skriftuurlike voorbeeld en riglyn. (Vgl. Lev. 27:30; Mal 3:8; Luk 11:42.)

### 2.3.2 Volgens jou vermoë

Elkeen moet gee volgens sy vermoë en ooreenkomstig die seëninge wat hy uit die hand van die Here ontvang (Deut. 16:16-17; 1 Kor. 16:2; 2 Kor. 8:13; 2 Kor. 9:7).

### 2.3.3 Pasop vir te min gee

Paulus sê in 2 Korintiërs 9:6 in verband met die gee van bydraes: "Maar dink daaraan: Wie spaarsaamlik saai, sal ook spaarsaamlik maai; en wie volop saai, sal ook volop maai." Dit beteken dat daar 'n nou verband en duidelike verhouding is tussen ons bydraes vir die diens van die Here en die seëninge van die Here vir ons.

## 2.4 Die wyse van insameling van bydraes

Die Skriftuurlike beginsel is dat elke lidmaat sy of haar offergawe *self na die kerk moet bring* (Deut. 12:5-6; Hand 4:34).

## 3. ATTESTASIES

### 3.1 Wat is 'n attestasie?

'n Attestasie is 'n *getuigskrif* van 'n persoon se leer en lewe (Kerkorde art. 82). Die kerkraad wat die attestasie ontvang, weet direk hoe dit met die leer en lewe van die

betrokke persoon gesteld is, aangesien dit op die attestasie aangetoon word. As 'n lidmaat 'n onchristelike leer of lewe openbaar, word dit op die attestasie of in 'n begeleidende brief vermeld. 'n *Bewys of sertifikaat van lidmaatskap* sê slegs dat 'n persoon 'n lidmaat van 'n betrokke kerk is maar vermeld niks aangaande sy of haar leer of lewe nie. Daarom word dit in die Gereformeerde Kerke nie gebruik nie.

### **3.2 Hoe kom die attestasie by die kerk waarheen ek gaan?**

Elke vertrekkende lidmaat *behoort dit self saam te neem* en in te handig by die kerkraad waaronder hy (sy) dan ressorteer. Daarom moet hy (sy) die kerkraad vanwaar hy (sy) vertrek *betyds* van die verhuising in kennis stel sodat die attestasie in orde gekry kan word.

### **3.3 Kan 'n attestasie gegee word aan 'n persoon wat 'n geruime tyd reeds uit die gemeente vertrek het?**

Eintlik nie, aangesien 'n kerkraad nie kan getuig oor 'n persoon se leer en lewe as hy vir 'n aantal maande geen kontak met so 'n persoon gehad het nie.

### **3.4 Waarom word die attestasie afgelees?**

Indien iemand uit die gemeente weet van onchristelikhede in die leer of lewe van die vertrekkende lidmaat (waarvan die kerkraad nog nie weet nie — vgl. Matt 18:15-17), moet dit aan die kerkraad bekendgestel word sodat dit op die attestasie aangeteken kan word indien die kerkraad oordeel dat dit nodig is.

### **3.5 Word 'n attestasie aan 'n persoon gegee wat die gemeenskap van die kerk opsê?**

Nee! 'n Attestasie word alleen afgegee as 'n persoon na 'n kerk gaan wat met die plaaslike kerk in kerkverband staan, dit wil sê as 'n persoon na 'n Gereformeerde Kerk op 'n ander plek gaan. Aan 'n persoon wat die gemeenskap van die kerk opsê, kan hoogstens 'n skriftelike getuienis gegee word dat hy (sy) tot op 'n sekere datum 'n lidmaat van die betrokke kerk was.

## **4. BROERS EN SUSTERS VIR MEKAAR**

In die gemeente moet ons nie by mekaar verby lewe asof die een niks met die ander te doen het nie. *Die gemeenskap van die heiliges* (gelowiges) moet inderdaad in die kerk van die Here verwesenlik word. Dit beteken: omdat ons saam deur die geloof aan *Christus verbind is, is ons aan mekaar verbind* sodat ons vir mekaar in liefde *broers en susters* is en nie dames en here wat met mekaar niks te doen het nie en ook niks vir mekaar omgee nie. Daarom sê die Heidelbergse Kategismus heeltemal tereg "dat elkeen (elke lidmaat) moet weet dat hy verplig is om sy (stoflike en geestelike) gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede aan te wend" (HK antw. 55).

Ons moet in mekaar belangstel, na mekaar se belange omsien, mekaar help en ondersteun waar nodig, vir mekaar bid, mekaar vermaan en bemoedig, ensovoorts.

Let op die volgende (enkele) tekste in hierdie verband:

*Johannes 13:35:*

(Jesus sê): "Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het".



*Romeine 12: 15:*

"wees bly met die wat bly is, en ween met die wat ween ".

*Filippense 2:4:*

"Julle moet nie elkeen na sy eie belange omsien nie, maar elkeen ook na die ander s'n".  
(Vergelyk verder: Matt 25:31-46; 1 Kor. 12:12-31, ens.)

## **5. BIDURE**

Onder bidure word verstaan dat gelowiges op bepaalde tye en plekke saamkom by welke geleenthede hulle of sommige van hulle — afgesien van wat verder by die samekomste plaasvind — *agtereenvolgens* bid.

Die besware van die Gereformeerde Kerke teen hierdie praktyk is die volgende:

- 5.1 Van openbare bidure wat gereeld gehou word, vind ons nog in die Ou Testament nog in die Nuwe Testament enige voorbeeld of voorskrif.
- 5.2 Uit die Skrif leer ons dat by samekomste van gelowiges *een* persoon namens die ander gelowiges tot God bid (2 Kron. 20; Esra 9) en dat van die ander gelowiges daar verwag word om in *hulle harte en gedagtes* saam met die persoon te bid (1 Kor. 14:16). Verder lê Christus besondere nadruk op die *gebed in die eensaamheid en in die binnekamer* (Matt 14 : 23; Matt 6:5-7).
- 5.3 Bidure bied opening vir die gevaar van "'n ydele herhaling van woorde" waarteen Christus juis waarsku (Matt 6:7-8).
- 5.4 Bidure vind hulle oorsprong in 'n verkeerde motief: die gebed vir 'n nuwe uitstorting van die Heilige Gees.

# HOOFSTUK 9

## *Die Christelike lewe*

### 1. DIE LEWE UIT DIE GELOOF

Omdat die gelowige deur Christus van die sonde en God se oordeel oor die sonde verlos is, moet hy nou ook in die uitlewing van sy geloof, uit dankbaarheid volgens die wil van God lewe. Die ware Christen se hele lewe moet deur sy geloof in God en derhalwe deur die geboorte van die Here bepaal word. Dit beteken dat nie net sekere dele van 'n gelowige se lewe Christelik hoef te wees, terwyl ander dele maar onchristelik kan wees nie.

Paulus skryf in Romeine 1:17(1953-vertaling): "Maar die regverdige sal uit die geloof lewe", Die *apostel sê hier nie dat die regverdige, die ware Christen, net by sekere geleenthede uit die geloof sal lewe en by ander geleenthede dit nie sal doen nie. Nee, hy sê dat hy uit die geloof sal lewe sonder enige nadere bepaling. Soos 'n lewende boom elke oomblik leef uit sy wortel, so moet die ware Christen elke oomblik van sy lewe leef uit sy geloof in Christus. Daar mag geen oomblik wees waarin die geloof in Christus ons handel en wandel, ons woorde en optrede nie bepaal nie. Ook in ons daaglikse werk en in ons omgang met ons medemens moet ons ons in ons woorde en handelswyse laat stuur en lei deur ons geloof in Jesus Christus. Oral en altyd moet ons vra: "Here, wat wil U hê moet ek doen?" As dit gebeur, sal 'n mens nie hoor van 'n "Christelike" winkelier wat jou vir sekere artikels baie meer laat betaal as die vasgestelde prys nie; of van 'n "Christelike" melkboer wat water by die melk gooi om dit meer te maak nie; of van die nagmaalsganger wat dobbelkaartjies in sy sak rondra nie; of die ampsdraer wat so kan vloek nie.*

Jou geloof moet in jou lewe tot openbaring kom. Aan die vrugte word die boom geken (Matt 13:33-35). Ons moet nie net hoorders van die Woord wees nie, maar ook daders daarvan (Jak 1:22). Dit beteken dat Christus as Koning erken moet word op alle terreine van die lewe; in die huwelik, in die skool, in die politiek, in die pers, op die pad, ensovoorts. Oral moet die Woord van God daadwerklik gehoorsaam word en alles uit die weg geruim word wat nie daarmee ooreenstem nie. Daarvoor moet die gelowige bid en stry. In wat verder volg, word enkele aspekte van die geloofsewe of vraagstukke waarmee die gelowige te doen kry, kortliks in die lig van die Skrif behandel en enkele riglyne vir optrede aangedui. Die sake word in alfabetiese orde behandel.

### 2. ABORSIE

- 2.1 Aborsie is die kunsmatige afdrywing (of verwydering) van die lewende fetus in 'n swanger vrou voordat die fetus in staat is om as mens selfstandig te lewe. So word die swangerskap beëindig en die kind doodgemaak.
- 2.2 Sodra bevrugting plaasgevind het, is daar 'n lewende mens — ongeag hoe klein en onontwikkeld hy/sy mag wees. Dan het God self volgens Job 10:8-12 en Psalm 139 reeds begin met die vorming van 'n mens in die baarmoeder van die vrou. In die lig hiervan word aborsie afgewys as 'n vorm van moord (Eks20:13; Eks 21:22-23).
- 2.3 Gewoonlik word daar op hierdie reël net twee *uitsonderings* toegelaat:
  - as die lewe van die moeder of die kind of beide in gevaar verkeer
  - as die bevrugting die gevolg is van verkragting.

### 3. ARBEID

Ook in die wyse waarop die gelowige sy daaglikse werk doen, moet sy geloof en sy gehoorsaamheid aan die gebooe van God tot openbaring kom. Dit hou onder andere die volgende in:

- 3.1 Die gelowige moet sy daaglikse werk nie maar net as 'n "job" beskou waarmee hy geld kan verdien om lekker te lewe nie. Nee, hy moet dit sien as 'n taak en *roeping wat God aan hom gegee het om te vervul*. In Kolossense 3:23 sê Paulus: "Wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie".
- 3.2 Ons moet die talente wat God aan elkeen van ons gegee het, ten volle benut (Matt 25:14-30). Dit beteken dat ons altyd doelbewus daarop uit moet wees om in die vervulling van ons godgegewe roeping terselfdertyd die *grootste kwantiteit en die beste kwaliteit te lewer*. Prediker 9:10: "Alles wat jou hand vind om te doen, doen dit met jou mag". Geen Christen behoort 'n slap, trae, traak-my-nie-agtige werker te wees nie, want die Skrif veroordeel dit. Spreuke 18:9: "Alreeds hy wat hom slap hou in sy werk, hy is 'n broer van 'n verwoester". Daarom moet werkstakings ook afgewys word.
- 3.3 Om tydens werkure, sonder die wete en goedkeuring van die werkgewer, private belange te behartig en te probeer bevorder, is in wese niks anders nie as *diefstal*. Ek word immers deur die werkgewer in diens geneem met dien verstande dat ek die vasgestelde werkure ten *volle in sy diens moet wees* en dat hy my weer daarvoor *ten volle sal vergoed*. As ek egter met private sake tydens werkure besig is en tog 'n volle vergoeding ontvang asof ek ten volle in sy diens was, maak ek my skuldig aan *bedrog* (leuens) en *diefstal*. Aan die ander kant, as die werkgewer die werknemer nie behoorlik vergoed nie, pleeg hy ook diefstal: hy hou 'n deel van die loon terug wat die werknemer wettiglik toekom (Jak 5:4).
- 3.4 Alle vorme van *luiheid* word skerp deur die Skrif veroordeel. Spreuke 6:6: "Gaan na die mier, luiaard, kyk na sy weë en word wys!". (Lees Spr. 6:6-11.) 2 Tess 3:10: "...as iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie."
- 3.5 Ons sal eenmaal ook voor God verantwoording moet doen oor die wyse waarop ons ons godgegewe roeping vervul het (Matt 25:14-30). Daarom moet ons die tye en geleenthede wat God aan ons gee so goed as enigsins moontlik benut.

### 4. BURGERLIKE ONGEHOORSAAMHEID

- 4.1 Burgerlike ongehoorsaamheid is 'n demonstratiewe optrede waardeur 'n wet doelbewus in die openbaar oortree word om die owerheid op 'n geweldloos bedoelde wyse te dwing om 'n wet of maatreël te verander of om anders op te tree.
- 4.2 Die aanspraak daarop dat burgerlike ongehoorsaamheid bedoel om geweldloos te wees, kom in baie gevalle egter onder verdenking omdat dié optredes gesien moet word in die lig van 'n uitspraak van Friedrich Engels, een van die vaders van die kommunisme. Hy het gesê dat die rewolusionêres nie geweld moet gebruik nie, maar so moet optree dat hulle die handhawing van wet en orde in 'n bepaalde land onmoontlik maak *sodat die owerheid gedwing word om geweld te gebruik* of andersins oor te gee. As die opstandiges dan met teengeweld reageer, kan hulle altyd sê dat dit bloot 'n reaksie was op die optrede van die owerheid wat eerste met geweld begin het.
- 4.3 Onder normale omstandighede is so 'n optrede verkeerd, want dit is in stryd met Romeine 13:1-2: "Laat elke mens hom onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is, want daar is geen mag behalwe van God nie, en die wat daar is, is deur God ingestel, sodat hy wat hom teen die mag versit, die instelling van God weerstaan; en die wat dit weerstaan, sal hulle oordeel ontvang".
- 4.4 Slegs as die owerheid 'n mens beveel of dwing om iets te doen wat duidelik in stryd is met God se wil, het die Christen die *reg* en die *plig* om ongehoorsaam te wees. Dan geld die reël wat in Handelige 5:29 neergelê word: "Ons moet aan God meer

gehoorsaam wees as aan die mense." (Vgl. ook Hand 4:19; Eks 1:17; Dan 3:16- 8; Dan 6:11.)

## 5. DANS

- 5.1 Die Algemene Sinode het in 1927 'n besluit geneem waarin alle vorms van dans ongekwalifiseerd veroordeel is as sonde teen die sewende gebod volgens Sondag 41 van die Heidelbergse Kategismus. By die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke is in 1988 'n beswaarskrif teen die besluit van 1927 ingedien. Daarin word gestel dat dans wel onder bepaalde omstandighede tot sonde teen die sewende gebod aanleiding kan gee, maar dit nie beteken dat alle vorms van dans ongekwalifiseerd as 'n sonde en 'n oortreding van die sewende gebod bestempel mag word nie. Die Sinode van 1988 het die beswaarskrif gehandhaaf, maar tog die gelowiges opgeroep om, "tot eer van God en tot bewaring van hulle sedelike lewe, die sewende gebod biddend te gehoorsaam (1 Kor. 10:31), ook wanneer hulle voor dansvorme en dans-situasies te staan kom, omdat dans 'n geweldige potensiaal het om tot sonde te verlei."
- 5.2 Met die oog op hierdie sinodebesluit moet dus in gedagte gehou word dat as hier verder oor dans gepraat word, spesifiek die tipe van dans bedoel word waarby 'n man en 'n vrou saam dans op die maat van musiek en mekaar vir die doel omarm sodat hulle liggame op besonder intieme wyse in aanraking met mekaar is. In hierdie lig moet die besware teen dans gesien word. Dit is die volgende:
  - 5.2.1 Aangesien daar in hierdie vorm van dans 'n intieme omhelsing en aanraking van man en vrou is en dit geskied met ritmiese bewegings onder die aanhoor van strelende en stimulerende musiek, is dit 'n wyse van ontspanning waarin die streling van die sinne en die prikkeling van die seksuele drange so 'n belangrike plek inneem dat dit by die normale (maar sondige) man en vrou meesal 'n hartstogtelike opwinding en wellustige begeertes tot gevolg het wat volgens Bybelse maatstawwe sondig is. As sodanig is dit 'n oortreding van die sewende gebod. Volgens die Heidelbergse Kategismus (antwoord 109) verbied God in die sewende gebod "alle onkuise dae, gebare, woorde, gedagtes, luste en wat 'n mens daartoe kan verlei". Op hierdie laaste woorde: ". . . en wat 'n mens daartoe kan verlei", moet besonderlik gelet word. Sonder twyfel kan immers beweer word dat 'n mens, deur mee te doen aan dans, onder besonder gunstige omstandighede verkeer om daartoe verlei te word.
  - 5.2.2 Baie wat in ontug geval het, het erken en bevestig dat die sonde sy oorsprong in dans gehad het. Hierdie verband tussen dans en ontug blyk ook baie duidelik uit 'n amptelike publikasie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (1976). 'n Kommissie van ondersoek het in opdrag van hierdie kerk op wetenskaplike wyse ondersoek ingestel na die *feite* betreffende dans, en een van die bevindings waartoe hulle gekom het, lui so: "Ons het talle bewyse gevind dat *die dans die direkte aanleiding was vir seksuele omgang* — selfs tussen vreemdes, aangesien die dans die seksdrang wakker gemaak het terwyl die weerstand van die liggaam deur ooruitputting, en die oordeelsvermoë van die verstand deur ritme, afgetakel word." Hierdie bevinding word ook bevestig deur 'n berig in 'n dagblad onder die opskrif: "Jeug leer seks by dans ken." As dit die vrugte van dans is, is dit glashelder dat dans ook sondig en verkeerd is, want die Here Jesus het gesê: "... 'n slegte boom dra slegte vrugte" (Matt 7:17).
  - 5.2.3 Christus se uitspraak oor ontug is ook hier van besondere betekenis. "Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het" (Matt 5:28). Dit geld natuurlik onder alle omstandighede, maar dans bied ongetwyfeld besondere geleentheid daartoe. (Vgl. ook Rom. 3:14; Gal 5:24; 1 Joh. 2:16.)
  - 5.2.4 Dans gaan heel dikwels gepaard met *seks-prikkelende kleredrag* van dames en met *drankmisbruik*. Dit moet 'n toename van sonde tot gevolg hê.
- 5.3 Op elke gelowige wat dans, rus daar die groot verantwoordelikheid om voor die

aangesig van God te besluit of 'n bepaalde vorm van dans as goeie ontspanning beskou kan word en of dit in diens van die sonde staan.

## 6. DOBBELARY EN LOTERY

### 6.1 Dobbelary

6.1.1 *Dobbelary is 'n transaksie tussen twee partye waardeur die oordrag van iets waardevol afhanglik gestel word van die geluiskans en wel só dat die buitensporige wins van een party gelyk staan met die gehele of gedeeltelike verlies van die ander. 'n Dobbelaar staan 'n buitengewone groot kans om sy dobbelgeld te verloor en hy staan in 'n buitengewone klein kans om 'n buitensporige hoë bedrag te wen (J.H.van Wyk).*

6.1.2 Die besware teen dobbelary is die volgende:

6.1.2.1 Dit is 'n aantasting van die mens se vertroue op God. Die vertroue op God word by die dobbelaar in mindere of meerdere mate *ingeruil vir* die vertroue op Geluk as afgod.

6.1.2.2 Dit is 'n aantasting van die Bybelse arbeidsmotief. Die normale wyse waarop 'n mens volgens die Skrif sy besittings kan vermeerder, is deur getroue arbeid waarvoor hy loon ontvang (Matt 20:1-16; 1 Kor. 7:9-14; Jak 5:4). Hierdie arbeidsmotief gaan by dobbelary verlore. In werklikheid verdien die dobbelaar nie wat hy ontvang as hy wen nie.

Nou is daar ook ander maniere waarop 'n mens geld of goedere kan verkry wat hy nie werklik verdien het nie, soos erflatings, geskenke, ensovoorts. Die Bybel verwys egter goedkeurend na hierdie wyses van verkryging van eiendom of inkomste. Die rede is ook voor-die-hand-liggend: daar is niemand wat skade ly as geld of goedere so verkry word nie.

6.1.2.3 Dobbelary is verder 'n aantasting van die Bybelse beginsel insake die verhouding tussen prestasie en loon. Volgens die Bybel behoort daar 'n korrekte verhouding te wees tussen die arbeid en die loon wat daarvoor ontvang word (Matt 10:10; Matt 20:1-16; 2 Kor 9:6; Jak 5:4). Dit is ook 'n voorvereiste vir 'n gesonde ekonomie. Maar by dobbelary is daar 'n wanverhouding tussen die prestasie wat gelewer word en die loon wat daarvoor ontvang word.

6.1.2.4 Dobbelary werk stremmend in op die offerbereidheid van die Christen. Dit is veral die geval waar dobbelary onderneem word met die oog op steun aan liefdadigheidsorganisasies. Wie offer met die hoop om op die wyse 'n enorme inkomste of groot prys te wen, weet nie wat offer werklik is soos die Christen dit in die selfopofferende optrede van Jesus Christus leer nie.

6.1.2.5 Dobbelary is immoreel omdat die hebsugtigheid van die sondige mens 'n sentrale plek daarin inneem. Wat van die ander word wat in die proses al hulle geld verloor, is gewoonlik vir die wenner nie 'n saak wat hom ter harte gaan nie. Dit beteken dat die liefde tot God en die liefde tot die naaste in die diepste wese daarvan deur dobbelary aangetas word.

6.1.2.6 Dobbelary word dermate as 'n onchristelike daad beskou dat die nagmaalsformulier aandui dat 'n dobbelaar nie nagmaal mag gebruik solank hy in die sonde volhard nie.

### 6.2 Lotery

Volgens die Skrif, is die gebruik van die lot 'n buitengewoon godsdienstige handeling (Spr 16:33). Dit is in werklikheid 'n gebed tot God om 'n beslissing te gee in 'n situasie waar mense, na aanwending van alle geoorloofde metodes en middele, nie tot 'n beslissing kan kom nie. 'n Misbruik van die lot vir spel of iets dergelyks beteken 'n doellose misbruik van die Naam van die Here en derhalwe 'n oortreding van die derde

gebod. Waar lotery aangewend word in dobbelary, is dit nog erger: dit word dan 'n aspek van dobbelary wat, soos reeds aangedui, in die lig van die Skrif 'n immorele handeling is. Deur die lot so te gebruik maak ek daarvan 'n soort gebed tot God dat Hy my in my immorele optrede moet help en die "toevallige" so moet laat plaasvind dat ek wen en my naaste verloor. Dit beteken dat ek God vir my eie voordeel probeer misbruik en daarom is dit heiligskennd van aard.

## 7. EEDSWERING

- 7.1 As ek 'n eed sweer, beteken dit dat ek God vra om as die enigste kenner van al die mens se gedagtes, woorde en werke getuie te wees van die waarheid van my woorde. Wie vals sweer, vra dus dat God die leuen wat die persoon vertel, moet bevestig asof die leuen die waarheid is. Hy vra dus in werklikheid dat God saam met hom moet lieg. Wie vals sweer, maak hom skuldig aan *meineed*. Dit is ook strafbaar deur die owerheid.
- 7.2 Om onnodig te sweer moet ook vermy word. Dit is 'n misbruik van die Naam van die Here. Die gelowiges moet so lewe dat hulle deur ander geken word as mense wat altyd die waarheid praat sodat hulle ja altyd ja en hulle nee altyd nee is (Matt 5:37).
- 7.3 Die Skrif leer dat die gelowige wel 'n eed mag sweer as dit nodig is. Deuteronomium 6:13: "Jy moet die HERE jou God vrees en Hom dien; en by sy Naam moet jy sweer." 2 Korintiërs 1:23: "... ek roep God as getuie ..."
- 7.4 As Christus sê: "Maar Ek sê vir julle: Sweer hoegenaamd nie—nie by die hemel nie, omdat dit die troon van God is" (Matt 5:34; vgl. Jak 5:12), bedoel Hy met dié betrokke uitspraak nie dat die gelowige *nooit* mag sweer nie. Omdat die Jode destyds die eed onnodig en op 'n verkeerde wyse gebruik het (Matt 23:16-22), *oordryf* Jesus hier doelbewus om die verkeerde in hulle optrede te beklemtoon. Dit is 'n spreekwyse wat destyds die *masjaal* genoem is. (Vgl. Spr. 26:4-5.) (Ons doen dit soms ook, byvoorbeeld: Daar lê 'n *berg* sand in die straat.) Dat Christus nie bedoel het dat ons nooit mag sweer nie, blyk daaruit dat Hy self 'n eed voor die Joodse Raad afgelê het toe dit nodig was (Matt 26:63-64).
- 7.5 Die gebruik van die eed is onderhewig aan die volgende voorwaardes:
  - ons moet dit doen as die owerheid dit van ons eis;
  - dit moet absoluut noodsaaklik wees om waarheid daardeur te bevestig;
  - dit moet tot eer van God wees;
  - dit moet tot die beswil en voordeel van ons naaste wees.

## 8. EGSKEIDING

- 8.1 Die huwelik is 'n instelling van God waardeur een man en een vrou met wedersydse liefde en trou *lewenslank* op die innigste denkbare wyse aan mekaar verbind word.
- 8.2 In die lig hiervan was egskeiding van die begin af in stryd met God se wil. Dit blyk duidelik uit Christus se kommentaar op die instelling van die huwelik (Gen. 2:24) as Hy sê: "Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie." (Matt 19:6). Daarom het God ook uitdruklik in die Tien Gebooie bepaal: "Jy mag nie egbreek nie" (Eks 20:14). En in Maleagi 2:16 word gesê: "Want Ek haat egskeiding, sê die HERE, die God van Israel, en dat 'n mens sy kleed met geweldpleging bedek, sê die HERE van die leërskaar. Neem julle dan in ag ter wille van julle gees en wees nie ontrou nie."
- 8.3 Op grond van Christus se uitsprake in Matteus 5:32 en Matt 19:9 is dit duidelik dat *owerspel* (hoerery) 'n gegronde rede vir egskeiding is. Tog beteken dit nie dat in die geval van owerspel die betrokke man en vrou *moet* skei nie. Ondanks die owerspel moet steeds gepoog word om egskeiding te voorkom. As die skuldige opreg berou het, sy/haar skuld bely en die huweliksmaat eerlik om vergifnis vra met 'n belofte van trou

in die toekoms, behoort die huweliksmaat die skuldige te vergewe (Matt 18 : 21 - 35) en dan is 'n egskeiding nie nodig nie.

- 8.4 Moses het die Israeliete wel toegelaat om te skei (Deut. 24:1- 4), maar Jesus sê dat hy dit gedoen het vanweë *die hardheid van hulle harte* (d.w.s. hulle sondigheid en onbekeerlikheid) en dat dit strydig is met die wil van God van die begin af (Matt 19:8). Dit beteken dat 'n egskeiding wat die owerheid ter wille van die beredding van huwelikskrisisse en die handhawing van orde goedkeur, desondanks in die lig van die Woord 'n oortreding van God se heilige wet kan wees en daarom as sonde beskou kan word. Dit geld ook van die huidige wetgewing oor egskeiding in Suid-Afrika.

## 9. EIEWILLIGE GODSDIENS

- 9.1 In eiewillige godsdiens ("eiesinnige godsdiens" — Kol 2:23) dien die mens die Here soos hy (die mens) wil en nie soos God wil nie. Elkeen doen dan wat reg is in sy eie oë en nie wat reg is in die oë van die Here nie (Rig 17:6; Rig 21:25).
- 9.2 So 'n godsdiens word deur die Here nie geduld nie. Dit blyk baie duidelik uit die geskiedenis van Saul, toe hy in die geveg teen die Amalekiete die bevel van die Here *volgens eie goeddunke* uitgevoer het en nie soos die Here hom beveel het nie. By monde van Samuel het die Here oor hierdie sonde aan Saul gesê: "Het die HERE behae in brandoffers en slagoffers soos in gehoorsaamheid aan die stem van die HERE? Kyk, om gehoorsaam te wees is beter as slagoffer, om te luister beter as die vet van ramme. Want wederstrewigheid is 'n sonde van waarsêery, en eiesinnigheid is afgodery en beelddiens. Omdat jy die woord van die HERE verwerp het, het Hy jou as koning verwerp." (1 Sam 15:22-23).
- Lees ook Levitikus 10:1-5 oor die optrede van Nadab en Abihu, die seuns van Aäron.
- 9.3 Hieruit is dit duidelik dat die gelowige nooit mag sê nie: Ek dien God soos ek wil. Ek gaan kerk toe of bid of lees my Bybel wanneer ek wil. Nee, hy moet sê: Ek dien God soos Hy wil. Die Here bepaal self in sy Woord *hoe* ons Hom moet dien. In al die dele van my godsdiens moet ek altyd vra: "Here, wat wil U hê moet ek doen?" (Hand 9:6; Hand 22:10).
- 9.4 'n Treffende uitspraak van Calvin oor eiewillige godsdiens — aangepas met plekname in Suid-Afrika — lui so: Iemand wat die Here wil dien soos hy self wil, is net so dwaas soos iemand wat van Bloemfontein af Kaapstad toe wil gaan en dan na Pretoria toe begin ry.

## 10. EUTANASIE (GENADEDOD)

- 10.1 Eutanasie (of genadedood) beteken om iemand wat aan 'n ongeneeslike siekte ly of verskriklik pyn verduur sonder veel hoop op verligting en herstel, so maklik en pynloos as moontlik te laat sterwe deur positief bepaalde middele toe te dien of negatief bepaalde middele doelbewus te weerhou. So word aan die sieke 'n "diens" ("genade"?) betoon, want hy word van sy lyde verlos.
- 10.2 Eutanasie word in die lig van die Skrif afgewys om die volgende redes:
- 10.2.1 Dit is in stryd met die sesde gebod: "Jy mag nie doodslaan nie" (Eks 20:13 — 1953-vertaling). Die implikasie van die sesde gebod is dat die lewe van die mens so goed as enigsins moontlik beskerm moet word.
- 10.2.2 God gee die lewe aan die mens en niemand het die reg om die lewe van 'n mens te ontnem nie behalwe Hy en die persone of instansies aan wie Hy die reg en bevoegdheid gee om dit te doen — soos die owerheid wat dit doen deur middel van die regters wat hy aanstel (Gen. 9:5-6; vgl. ook Gen. 30:22-23; Hand 12:23; Rom. 13:1-4).
- 10.2.3 Die mens is geskape na die beeld van God (Gen. 1:27; Jak 3:9). Die lewende mens vertoon die beeld van die lewende God. Wie dus die mens doodmaak skend die beeld

van God in die mens.

- 10.2.4 Dit is uiteindelik nie die *lewe van die mens* wat so belangrik is dat dit, op sigself beskou, van deurslaggewende betekenis is nie, maar die *bevel van God*, en God sê jy mag nie doodslaan nie.
- 10.2.5 Dit is 'n wanvoorstelling dat die lewe van 'n persoon wat verswak en bedlêend is en baie pyn verduur sinloos en waardeloos is en nie in die raad van God 'n positiewe funksie kan vervul nie. Dit het volgend oord wel waarde, want ook hier geld die woord van Christus toe Hy van die blindgeborene gesê het dat God se werke in en deur hom geopenbaar en bekendgestel moet word (Joh 9:1-3). Daarby leer dit gesonde mense om hulle gesondheid te waardeer en God daarvoor te dank.
- 10.3 As 'n siek of beseerde persoon aan apparaat gekoppel is en hy verswak daarna sodanig dat hy later in werklikheid nie meer lewe nie maar net kunsmatig dein die apparaat aan die "lewe" gehou word en daar ook geen hoop vir verbetering is nie, moet die afskakeling van die apparaat sodat die dood intree, nie as eutanase gesien word nie. Die persoon was in werklikheid reeds dood vóór die apparaat afgeskakel is.

## 11. GELDBESTEDING

- 11.1 By geldbesteding moet in gedagte gehou word dat God in werklikheid die enigste, eintlike eienaar van alles op aarde is — ook van ons geld (Ps. 24:1; 1 Kor. 4:7). God het die mens egter as rentmeester oor sy besittings aangestel (Gen. 1:28; Gen. 2:15; Ps. 8:7; Heb. 2:7-8). 'n Rentmeester is soos 'n bestuurder wat oor die besittings van die eienaar aangestel is en daarvoor beheer het. Hy het *vrye beheer* daarvoor in die sin dat hy self kan besluit hoe om dit te hanteer. Maar sy beheer is ook 'n *verantwoordelike beheer*, want hy moet aan die eienaar oor die hantering van sake verantwoording kan doen. (Vgl. die gelykenis van die ponde in Luk 19:11-28 en die van die talente in Matt 25:14-30). Dit is ook van toepassing op ons geldbesteding.
- 11.2 Geld en besittings mag nooit die belangrikste in die mens se lewe wees nie. Dan maak ons daarvan 'n afgod en verval in die sonde van *materialisme*. God wat die besittings aan ons gegee het, moet vir ons steeds baie belangriker wees as die besittings self (Ps 16:2).
- 11.3 Ons geld en besittings vorm deel van ons tydelike, aardse lewe en dit is op sigself minder belangrik as die ewige lewe. Daarom moet ons nie so aan geld en goed verknog raak dat ons nie daarvan kan afstand doen nie (1 Kor. 7:30-31). Christus waarsku ook: "Wat baat dit 'n mens dat hy die hele wêreld win maar aan sy siel skade ly?" (Matt 16:26 — 1953-vertaling). Christus sluit ook die gelykenis van die ryk dwaas op treffende wyse af as Hy sê: "So gaan dit met hom wat vir homself skatte vergader en nie ryk is by God nie" (Luk 12:21). Daarteenoor word die gelowiges opgeroep om vir hulle skatte in die hemel te vergader (Matt 6:19-21).
- 11.4 Die *gierigaard* vergeet dat hy 'n rentmeester is. Hy wil gedurig meer besittings net *vir homself* vergader. Geld is sy god. Paulus waarsku: "Want die geldgierigheid is 'n wortel van alle euwels; en omdat sommige dit begeer, het hulle afgedwaal van die geloof en hulleself met baie smarte deurboor." (1 Tim 6:10). (Lees Psalm 49 en Openbaring 3:14-22.) Die Christen moet mededeelsaam wees en nie gierig nie.
- 11.5 Die *verkwister* wat op onverantwoordelike wyse geld bestee, vergeet ook dat hy 'n rentmeester is wat voor God rekenskap moet gee van wat hy met sy geld en besittings gedoen het. Die Here waarsku sulke mense dat hulle arm sal word (Spr. 23:20-21). Die Christen moet nie 'n verkwister wees nie, maar sy lewe moet gekenmerk word deur spaarsaamheid, soberheid en vergenoegdheid (Fil. 4:11-13; 1 Tim 6:6, 8).
- 11.6 Die Christen moet sy geld bestee:
- tot eer van God (Spr. 3 : 9; Mal 3:8-9, 1 Kor. 9:14);



- vir die instandhouding van die lewe;
- tot hulp van die medemens (Matt 25:31-46; Jak 2:15- 7; 1 Joh. 3:16);
- vir die arbeid van die owerheid (Matt 22:21; Rom. 13:7; 1 Tim 2:1-2).

## 12. GESPREKKE

Die Here laat die lig van sy Woord ook val oor ons gewone, alledaagse gesprekke in die huis, op kantoor, tydens besoeke, ensovoorts. Aangesien ons gesprekke dikwels baie wêreld-gelykvormig is, is dit nodig om te let op wat die Here ons hieroor in sy Woord sê:

*Matteus 12:34:*

"Want uit die oorfloed van die hart praat die mond." As ons gedurig net praat oor tydelike en wêreldse sake en weinig oor die sake van die Here, dan blyk daaruit dat daar vir die Here slegs 'n geringe plek in ons harte is.

*1 Korintiërs 15:33:*

"Moenie dwaal nie; slegte gesprekke bederf goeie sedes." Slegte gesprekke, vuil grappe en moreel laagstaande praatjies werk verwoestend in op goeie en voorbeeldige lewens en bederf die Christelike lewensreëls.

*Efesiërs 4:29:*

"Laat daar geen vuil woord uit julle mond uitgaan nie, maar net 'n woord wat goed is vir die nodige stigting, sodat dit genade kan gee aan die wat dit hoor.

*Efesiërs 5:4:*

"..ook nie gemeenheid en dwase of lawwe praatjies wat nie pas nie, maar liever danksegging."

*Matteus 12:36:*

"Want uit jou woorde sal jy geregverdig word, en uit jou woorde sal jy veroordeel word."

*Eksodus 20:16:*

"Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie." Lees die verklaring hiervan in antwoord 112 van die Heidelbergse Kategismus.

## 13. HOMOSEKSUALITEIT

- 13.1 Onder homoseksualiteit word verstaan die seksuele verkeer van twee persone van dieselfde geslag, 'n man met 'n man of 'n vrou met 'n vrou. As die homoseksualiteit op vrouens betrekking het, word hulle optrede dikwels ook beskryf as lesbies. Die normale seksuele verhouding tussen 'n man en 'n vrou word aangedui as 'n heteroseksuele verhouding.
- 13.2 Homoseksualiteit word ten sterkste deur God veroordeel. In Levitikus 18:22 (1953-vertaling) word gesê: "Met 'n manspersoon mag jy ook geen gemeenskap hê soos 'n mens met 'n vrou het nie. Dit is 'n gruwel." Volgens Levitikus 20:13 (1953-vertaling)

bepaal die Here: "En as 'n man met 'n manspersoon gemeenskap het soos 'n mens met 'n vrou het, het hulle altwee iets gruweliks gedoen. Hulle moet sekerlik gedood word. Hulle bloedskuld is op hulle." In die Nuwe Testament word van homoseksueles gesê dat hulle nie deel het aan die koninkryk van God nie (1 Kor. 6:10; 1 Tim 1:10).

In Romeine 1:26 en 27 word homoseksuele verhoudings as "teen die natuur" veroordeel. As mense daarin volhard, sal God hulle oorgee (uitlewer) aan hulle eie wellustige begeertes sodat hulle in hulle eie onsedelikheid en die gevolge daarvan sal verdrink. Moet 'n mens nie dalk vigs in hierdie lig sien nie?

- 13.3 Sekere voorstanders van homoseksualiteit beweer dat Paulus in Romeine 1:26-27 gewone mans en vrouens op die oog het wie se lewens heteroseksueel gerig is. *Vir hulle* is homoseksuele bedrywighede teennatuurlik. Maar as die mense wie se lewens homoseksueel gerig is aan homoseksuele aktiwiteite meedoen, gaan hulle *nie* teen hulle eie natuur in nie, maar leef dan juis volgens hulle eie natuurlike neigings. Daarom is dit *vir hulle* nie verkeerd nie, maar doen hulle wat hulle na regte behoort te doen.

Hierdie siening is eksegeties onaanvaarbaar, omdat Paulus in Romeine 1 nie sy uitgangspunt neem in die fisiese of psigiese struktuur van die mens sonder meer nie, maar in die wil en die oorspronklike bedoeling van God.

God het die mens as man en vrou so geskape dat hulle twee met mekaar geslagsgemeenskap kan hê (Gen. 1:27; 2:24). Dit is die "natuurlike verkeer" waarvan Paulus praat. Dit is hoe geslagsgemeenskap ooreenkomstig God se wil en doel by die skepping van die mens moet plaasvind. Die sondige praktyke waarvan Paulus in Romeine 1:26-27 praat, bestaan dan ook daarin dat die deur God gestelde orde omgekeer word sodat die natuurlike geslagsverkeer van man en vrou ingeruil word vir die onnatuurlike geslagtelike omgang van vrouens met vrouens en mans met mans.

## 14. HUISGODSDIENS EN BYBELSTUDIE

- 14.1 Dit moet gereeld plaasvind en wel om die volgende redes:
- 14.1.1 Die Woord moet gereeld gelees en bestudeer word om ons kennis van die Skrif — wat so noodsaaklik is! (Joh. 17:3) — te vermeerder (Hos. 4:1,6).
- 14.1.2 Deur die lees en bestudering van die Woord bring die Heilige Gees geloof in ons tot stand en versterk Hy bestaande geloof (Rom. 10:17; 1 Pet 1:25-26; 1 Pet 2:2).
- 14.1.3 Kennis van die Skrif baan die weg tot verlossing en die ewige saligheid. 2 Timoteus 3:15: "... en dat jy van kleins af die heilige Skrifte ken wat jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus." Openbaring 1:3: "Salig is hy wat die woorde van die profesie lees, en die wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby."
- 14.1.4 Hoe meer ons die Bybel bestudeer, hoe beter sal ons God ken en weet wat sy wil ook in moeilike situasies is. Dan sal ons ook groei in die geloof sodat dit nie meer nodig sal wees dat ons soos kinders in die geloof met die Woord van God *in die vorm van melk* (slegs dit wat maklik is om te verstaan) gevoed moet word nie, maar sal ons soos mense wat geestelik volwasse is met die Woord van God in die vorm van *vaste kos* (sake wat moeiliker is om te verstaan maar van groot betekenis is) gevoed word. Hebreërs 5:13-14 en Heb. 6:1: "Want elkeen wat melk gebruik, is onervare in die woord van geregtigheid, omdat hy 'n kind is. Maar vaste spys is vir volwassenes, vir die wat geestesvermoëns besit deur die gewoonte geoefen, om goed van kwaad te onderskei. Daarom moet ons nie bly by die begin van die prediking aangaande Christus nie, maar na die volmaaktheid voortgaan sonder om weer die fondament te lê van die bekering uit dooie werke en van die geloof in God."
- 14.1.5 Volgens die eis van God en volgens die doopbelofte van die ouers, moet hulle hulle kinders onderrig om die Here deur sy Woord te ken. Deuteronomium 6:6-7: "En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees; en jy moet dit jou kinders inskerp en daarvoor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan

lê en as jy opstaan".

## 14.2 Lees die Bybel so:

- 14.2.1 **Gereeld:** Daar moet vaste tye wees waarop jy daaglik jou Bybel lees.
- 14.2.2 **Sistematies:** Jy moet die Bybel nie net lees waar dit oopval nie, maar jy moet dit so lees dat jy kermis kry van al die Bybelboeke en derhalwe van die hele Bybel.
- 14.2.3 **Biddend:** Jy moet voor jy die Bybel lees die Here vra om deur sy Gees sy Woord vir jou te open sodat jy dit reg kan verstaan en kan onthou wat jy gelees het.
- 14.2.4 **Nadenkend:** Jy moet, nadat jy 'n bepaalde gedeelte gelees het, voordat jy die Bybel toemaak, eers nadink wat die Here in die betrokke gedeelte aan jou sê, watter boodskap daaruit tot jou kom. En as jy dit nie direk raaksien nie, moet jy dit lees en herlees totdat dit vir jou duidelik word.

## 15. HUWELIKSKEUSE

- 15.1 Die Israeliete as volk van God in die Ou-Testamentiese tyd is verbied om met heidene te trou (Eks 34:16; Deut. 7:3-4; Esra 9:1-3; Neh. 10:30; Ps. 106:5). Van hulle is verwag om met gelowiges te trou en die gelowiges was normaalweg slegs in Israel te vinde.

Die rede vir hierdie verbod was geleë in die gevaar dat die heidene die gelowiges moontlik kon verlei om die Here te verloën en te verlaat en dan afgode te dien (Deut. 7:3-4). Mense wat die gebod verontagsaam het, is ook inderdaad tot diens van die afgode verlei. Salomo (1 Kon 11:1-10; Neh. 13:26) en Agab (1 Kon 16:31-32; 21:25) is duidelike voorbeelde hiervan.

- 15.2 Hierdie siening dat 'n gelowige slegs met 'n ander gelowige behoort te trou, word ook in die Nuwe Testament aangetref. Dit blyk onder andere uit die probleme wat ontstaan as 'n gelowige en 'n ongelowige met mekaar getroud is (1 Kor. 7:10-17; 1 Pet 3:1-2). Verder sê Paulus in 2 Korintiërs 6:14-15: "Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie, want watter deelgenootskap het die geregtigheid met die ongeregtigheid, en watter gemeenskap het die lig met die duisternis? En watter ooreenstemming het Christus met Béliel, of watter aandeel het die gelowige met die ongelowige?" Hoewel Paulus hier nie spesifiek oor die huwelik handel nie, is die uitspraak tog van so 'n aard dat dit ook op die huwelik betrekking moet hê.

Die verhouding tussen man en vrou in die huwelik kan verder slegs 'n sinvolle afbeelding van die verhouding tussen Christus en sy kerk wees as man en vrou albei oortuigde Christene is (Ef. 5:22-33).

- 15.3 In die lig van bovermelde kan gesê word dat dit tans nog steeds 'n Skriftuurlike eis is dat 'n Christen met 'n Christen in die huwelik moet tree. Dit blyk ook baie duidelik daaruit dat Paulus in 1 Korintiërs 7:39 sê: "'n Vrou is deur die wet gebonde so lank as haar man lewe; maar as die man ontslaap het, is sy vry om te trou met wie sy wil, *maar net in die Here.*"

## 16. KINDERMOLESTERING

- 16.1 Met kindermolestering word bedoel die seksuele kontak, waarby geslagsgemeenskap gewoonlik ingesluit is, van 'n volwasse man of vrou met 'n (gewoonlik) minderjarige kind na oorrading van die kind (soms met behulp van geskenke) of onder dwang van die volwassene. Kindermolestering moet onderskei word van kindermishandeling waar die nadruk veral val op die mishandeling van kinders sonder dat die seksuele 'n besondere rol daarin speel.
- 16.2 Dat kindermolestering in stryd is met die wil van God, blyk uit die volgende:

- 16.2.1 Volgens die Skrif behoort geslagsgemeenskap slegs binne die huwelik as duursame verhouding plaas te vind (Gen. 2:24; Gen. 19:20-21; Deut. 22:13-19; Hoogl. 8:8-10; Matt 1:18-25; Matt 19:5-6, 10-12; 1 Kor. 6:12-20; 1 Kor. 7:7-9, 36). Geslagsgemeenskap wat buite die huwelik plaasvind, word deur die Skrif as *hoerery* bestempel en skerp veroordeel (Matt 15:19; Mark 7:21; 1 Kor. 6:9-10; Gal 5:19; 1 Kor. 7:2; 1 Tess 4:3-4). By kindermolestering vind geslagsgemeenskap buite die huwelik as duursame verhouding plaas en daarom is dit in stryd met God se wil en sondig in sy oë.
- 16.2.2 Binne die huwelik as liefdesgemeenskap het geslagsgemeenskap 'n besondere doel en funksie:
- as 'n unieke handeling waarop man en vrou hulle innige verbondenheid deur liefde en trou aan mekaar betoon en saam beleef;
  - as 'n wyse waarop hulle mekaar se seksuele behoeftes bevredig en mekaar so beskerm teen Satan wat poog om hulle tot owerspel en sonde te verlei (1 Kor. 7:2-5);
  - as 'n wyse waarop kinders verwek word.
- By kindermolestering vind geslagsgemeenskap plaas op 'n wyse wat radikaal verskil met die doel en funksie wat God volgens die Skrif daaraan verleen het.
- 16.2.3 Die feit dat God geslagsgemeenskap aan die huwelik verbind het (Gen. 2:24; 1 Kor. 7:2-5), impliseer dat dit volgens God se wil slegs behoort plaas te vind tussen twee mense wat so 'n mate van liggaamlike en geestelike ontwikkeling en seksuele rypheid bereik het dat dit normaal en sonder probleme kan plaasvind. By kindermolestering vind dit plaas met 'n kind wat gewoonlik nog nie liggaamlik en/of geestelik daarvoor gereed is nie.
- 16.2.4 Behalwe wat reeds oor heteroseksuele kindermolestering gesê is, kom by *homoseksuele kindermolestering* nog by dat homoseksuele geslagsgemeenskap in die Skrif uitdruklik verbied en veroordeel word (Lev. 18:22; Lev. 20:13; Rom. 1:26-27; 1 Kor. 6:9-10; 1 Tim 1:10).
- 16.2.5 Waar kindermolestering ook *bloedskande* is (d.w.s. geslagsgemeenskap van gesinslede met mekaar), moet in gedagte gehou word dat God dit uitdruklik verbied: "Niemand van julle mag met 'n naby bloedverwant geslagsgemeenskap hê nie. Ek is die Here" (Lev. 18:6; vgl. Lev. 20). Waar ouers met hulle kinders geslagsgemeenskap het, maak hulle hulle kinders nie groot "in die tug en vermaning van die Here." nie (Ef. 6:4). Hulle is dan nie instrumente in die hand van God by die opvoeding van en leiding aan hulle kinders nie, maar hulle is instrumente in die hand van die duiwel wat hulle kinders vir eie bevrediging misbruik en hulle op 'n pad van onsedelikheid lei.
- 16.2.6 Volgens die Skrif (Rom. 13:10) en die Heidelbergse Kategismus (antw. 107) doen die liefde die naaste geen kwaad nie maar probeer juis om te voorkom dat enigiets hom kan benadeel of kwaad kan aandoen. Deur kindermolestering word die betrokke kind egter ernstige geestelike en liggaamlike kwaad aangedoen. Daarom is kindermolestering in sy wese 'n liefdelose daad en 'n minagting van God se eis tot naasteliefde.
- 16.2.7 Wie kinders molesteer openbaar geen selfbeheersing (Gal 5:22) en selfverloëning (Matt 16:24) nie. (Vgl. ook Spr. 16:32 en 25:28.) Hy word meegesleur deur sy eie sondige begeertes (Jak 1:14-15).
- 16.2.8 Aangesien kindermolestering uitdruklik deur die landswet verbied word, maak die persone wat dit pleeg hulle ook skuldig aan miskenning van die gesag wat God aan die owerheid gegee het (Rom. 13:1-3).
- 16.3 Volgens die Skrif (Fil. 2:3; Hoogl. 8:8-9) rus daar 'n verpligting op gesinslede om oor mekaar toesig te hou en te sorg dat kindermolestering nie met een van hulle plaasvind nie.

## 17. KLEREDRAG

- 17.1 Die feit dat God die *skorte van vyblare wat slegs 'n deel van die liggaam bedek het*, van Adam en Eva weggeneem het en in die plek daarvan aan hulle rokke van vel gegee het wat die *hele liggaam* van die nek tot die knieë bedek het (Gen. 3:7, 21), leer ons dat dit die wil van God is dat die liggaam van die mens behoorlik bedek moet wees.
- 17.2 In 1 Timoteus 2:9 skryf Paulus: "So ook moet die vroue hulle versier met behoorlike kleding, gepaard met beskeidenheid en ingetoënheid, nie met vlegsels of goud of pèrels of kosbare klere nie". Op grond van hierdie uitspraak en die saak genoem in 17:1 kan gesê word: Die Here eis van die gelowige, en in die besonder van die gelowige vrou, dat sy haar liggaam moet bedek met behoorlike kleding wat gekenmerk word deur beskeidenheid en paslike skugterheid en skaamte, en waardeur sy haar nie op die voorgrond dwing of adverteer nie.
- 17.3 Die modes wat nagevolg word en die daarmee gepaardgaande vorm van die kleredrag hoef nie noodwendig afgewys te word bloot omdat dit verskil van die uit die verlede nie, solank dit net 'n behoorlike bedekking van die liggaam bied en nie sinneprikkelend van aard is nie.
- 17.4 Skaamteloosheid word volgens die Bybel gevind by die onbekeerde en goddelose, terwyl die lewe van die ware gelowige gekenmerk word deur 'n paslike skaamte (Sef. 3:5; Jer. 6:15; Esra 9:6). Hierdie paslike skaamte vereis 'n behoorlike bekleding (Jes. 20; 1 Tim 2:9).
- 17.5 Kleredrag is volgens die Skrif ook 'n openbaring van 'n persoon se gesindheid en karakter (Spr. 7:10; Gen. 38:15; Jer. 13:11; 2 Sam 14:2, Matt 22:11). Die kleed tipeer spesifiek die vrou geestelik en sedelik. Derhalwe klee die ongelowige vrou haar anders as die Christenvrou wat ook haar kleredrag onderwerp aan die toets van God se Woord en wil. Bedenklike en suggestiewe kleredrag openbaar 'n gees van ontug.
- 17.6 Aangesien die liggaam van die gelowige 'n tempel van God en van die Heilige Gees genoem word (1 Kor. 3:16-17; 6:15-20), moet die kleredrag van die gelowige sodanig wees dat dit daarby aanpas. Die tempel van God word nie geadverteer met die uithangborde van 'n ontghuis nie.
- 17.7 Hoewel swemklere daar baie anders uitsien as gewone klere, behoort die liggaam ook dan behoorlik bedek te wees sonder dat die swemaksie daardeur gestrem word. Buite die water behoort die liggaam met een of ander oorkleed bedek te word.
- 17.8 Tydens hofmakery kan — sonder dat dit vooraf beplan is — onbehoorlike en bedenklike kleredrag makliker aanleiding gee tot onkuisheid as wanneer die liggaam beter bedek is.

## 18. LYKVERBRANDING (KREMASIE)

- 18.1 Lykverbranding het ontstaan by die ontkenning van die liggaamlike opstanding uit die dood en het in die wêreld ingang gevind as gevolg van die verswakking van die Christelike geloof. Mense bepaal dat hulle liggeme na hulle dood verbrand moet word om daardeur in mindere of meerdere mate te kenne te gee dat hulle nie glo aan die opstanding uit die dood nie.
- 18.2 In die Ou- sowel as die Nuwe Testament was begrafnis die algemene reël. Waar lyke verbrand is, soos dié van Saul (1 Sam 31), is dit duidelik dat ons in dié gevalle om spesifieke redes met uitsonderings te doen het. Uit Amos 2:1-3 blyk dit dat die verbranding van die liggaam van 'n afgestorwene onder normale omstandighede as 'n groot misdaad beskou is.
- 18.3 Christus self het in die graf ingegaan en daaruit opgestaan. Daardeur is die graf vir ons nie meer die plek waar vertering die laaste woord het nie, maar die saaiplek waar die liggaam in oneer gesaai word om op God se tyd opgewek te word in heerlijkheid.
- 18.4 Die prediking van die opstanding uit die dood in 1 Korintiërs 15 beweeg om die beeld

van saai en oes, 'n beeld wat nie meer regstreeks tot ons spreek wanneer die liggame verbrand word nie. Die Christelike begrafnis is altyd 'n hulpmiddel om die leer van die Skrif oor dood en opstanding des te beter te verstaan. Dit verhelder die insig in 'n groot stuk Bybelse simboliek.

- 18.5 Dit alles beteken hoegenaamd nie dat gelowiges wie se liggame verbrand is, nie uit die dood sal opstaan of vir die ewige oordeel bestem is nie. Daar is baie gelowiges wie se liggame in ongelukke heeltemal tot as verbrand is. Bowendien is daar baie gelowiges (martelare) wat juis ter wille van hulle geloof verbrand is. Aan hulle liggaamlike opstanding uit die dood word nie getwyfel nie. Daarom het begrafnis vir die gelowige in die lig van die Skrif veel eerder 'n sterk simboliese waarde en moet dit om dié rede bo lykverbranding gekies word.

## 19. PADVEILIGHEID

Padveiligheid is vir die Christen geen onbelangrike saak nie. Roekelose bestuur en verontagsaming van verkeersreëls en verkeerstekens is 'n oortreding van God se gebooie en derhalwe sonde.

- 19.1 Dit is 'n oortreding van die *vyfde gebod*, want dit is 'n *verontagsaming en minagting van die gesag* wat God aan owerheids-persone gegee het, waardeur hulle die mag en bevoegdheid verkry het om wette te maak en reëls neer te lê wat vir 'n ordelike samelewing nodig mag wees. Romeine 13:1-2: "Laat elke mens hom onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is, want daar is geen mag behalwe van God nie, en die wat daar is, is deur God ingestel, sodat hy wat hom teen die mag versit, die instelling van God weerstaan; en die wat dit weerstaan, sal hulle oordeel ontvang."
- 19.2 Dit is 'n oortreding van die *sesde gebod*, want daardeur stel ek my eie lewe en die van ander in gevaar of beroof hulle selfs van hulle lewe indien 'n ongeluk deur my roekelose bestuur veroorsaak word. (Vgl. HK vr. en antw. 105.)
- 19.3 Dit is 'n oortreding van die *liefdesgebod* van God, naamlik dat ek my naaste moet liefhê soos myself. Matteus 7:12: "Alles wat julle dan wil hê dat die mense aan julle moet doen, net so moet julle aan hulle ook doen; want dit is die wet en die profete."
- 19.4 Dit is 'n oortreding van die eis van God dat ek die skade van my medemens soveel as in my vermoë is, moet voorkom. (Vgl. Eks 23:5; HK vr. en antw. 107, 111.)
- 19.5 Die Christen wat ook op die pad die verbod en gebod van God in sy Woord gehoorsaam, sal op 'n besondere wyse 'n *lig op die pad* genoem kan word. (Vgl. Ps 119:105.)

## 20. ROLPRENTE

- 20.1 Die rolprent, ongeag of dit in 'n teater, as video of op televisie vertoon word, moet gesien word as 'n gawe van God en as 'n kultuurskat wat, as dit reg gebruik word, sekerlik kan strek tot sy eer en tot verryking van die mens se kennis. Ongelukkig word dit tans tot 'n groot mate in diens van die sonde aangewend.
- 20.2 Die owerheid het die Wet op Publikasies (Wet 42 van 1974) daargestel om die burgers van Suid-Afrika teen misbruik van die rolprent te beskerm. In artikel 1 van die wet word bepaal:

"Die strewe van die volk van die Republiek van Suid-Afrika om 'n Christelike lewensbeskouing te handhaaf, word by die toepassing van hierdie wet erken."

In artikel 47(2) word bepaal dat 'n rolprent of 'n deel daarvan ongewens sal wees indien dit onder andere "

- (a) onbetaamlik of onweloweglik of vir die openbare sedes aanstootlik of skadelik is;
- (b) godslasterlik of vir die godsdienstige oortuigings of gevoelens van enige bevolkingsdeel van die Republiek aanstootlik is."

20.3 Hierdie wet word ongelukkig tans so toegepas dat dit — anders as die oorspronklike bedoeling van die wetgewer — juis die dinge toelaat wat dit moes verbied, byvoorbeeld:

- die misbruik van die Naam van die Here;
- gedeeltelik of geheel naakte vrouens en mans;
- tonele waarin geslagsgemeenskap vertoon word;
- tonele waarvan die Appèlraad openlik erken dat dit seks-prikkelend is.

Ondanks die wet word immorele praktyke as die normale gang van sake aan die kyker voorgehou, byvoorbeeld:

- dat daar niks verkeerd is met buite-egtelike seks deur getroudes en ongetroudes nie, en dat dit tans deel van enige normale mens se lewe is;
- dat liefde en seks sinonieme is;
- dat die meeste mense — insluitende die helde in rolprente — nie emosioneel kan reageer sonder om die Naam van die Here ydellik te gebruik nie.

Daarby kom nog dat die vasgestelde ouderdomsbepelings in die praktyk glad nie toegepas (afgedwing) word nie, met die gevolg dat jong kinders sonder enige protes toegelaat word by rolprente wat vanweë hoë ouderdomsbepelings vir hulle verbode is.

20.4 Ondersoeke het getoon dat rolprente sonder enige twyfel mense (veral gereelde bioskoopgangers) beïnvloed en dat hulle hul morele norme, hulle persoonlike gedrag en hulle lewens- en wêreldbeskouing geleidelik begin aanpas by dit wat in die rolprente aan hulle voorgehou word.

20.5 In hierdie lig beskou, het die Christen 'n besondere roeping:

20.5.1 Moenie sonder behoorlike navraag na enige rolprent gaan kyk nie, maar stel eers vas of daarin nie iets voorkom wat godsdienstig en sedelik aanstootlik is nie.

20.5.2 Indien dit wel ongewenste en aanstootlike elemente het, moet die gelowige daarvan wegbly om hom/haar nie bloot te stel aan sondige beïnvloeding nie.

20.5.3 Indien 'n rolprent 'n hoë ouderdomsbepelings het, is dit in die reël 'n duidelike aanduiding dat dit wel ongewenste en aanstootlike elemente bevat.

20.5.4 Ouers moet toesien dat hulle kinders nie die wet oortree deur na rolprente te gaan kyk wat vanweë ouderdomsbepelings vir hulle verbode is en so boonop aan ongewenste invloede blootgestel word nie.

## 21. RASSEVERHOUDINGS

21.1 Vir die vestiging van goeie rasseverhoudings is daar volgens die Bybel in hoofsaak twee groot vereistes waaraan voldoen moet word, en dit is *liefde* en *regverdigheid*.

### 21.1.1 *Liefde*

Die belangrike eis in hierdie verband is volgens Ou en Nuwe Testament: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself" (Lev. 19:18; Matt 22:39; vgl. ook Miga 6:8; 1 Joh. 3:15; 4:20). In die verband sê Christus ook: "Alles wat julle dan wil hê dat die mense aan julle moet doen, net so moet julle aan hulle ook doen; want dit is die wet en die profete." (Matt 7:12). Hierdie liefde sluit verdraagsaamheid en vergewensgesindheid teenoor mekaar in (Kol 3:13). Daarby moet in gedagte gehou word dat hierdie liefde nie net mooi woorde moet wees nie, maar dat dit ook in dade geopenbaar moet word (1 Joh. 3:18).

### 21.1.2 *Regverdigheid*

God eis van die gelowiges dat hulle reg moet laat geskied teenoor hulle medemens

(Amos 2:6-16; Miga 6:8; Ps. 82:3-4; Matt 23:23; Kol 4:1; Jak 5:4). Dit beteken dat daar billikheid en regverdigheid tussen mense van verskillende rasse teenoor mekaar moet wees in die werk wat gelewer word, in die lone wat betaal word, in die oplossing van probleme en geskille, ensovoorts. Hierdie billikheid en regverdigheid moet sodanig wees dat dit voor God verantwoord kan word. Hierdie eise van liefde en regverdigheid geld nie net vir een of sommige partye in rasseverhoudings nie, maar vir al die partye.

- 21.2 Persone van alle rasse wat werklik in Christus glo, is mekaar se broers en susters in Christus en moet dienooreenkomstig ook teenoor mekaar optree (1 Tim 6:2; Filem 1:16).

## 22. SEKSUELE LOSBANDIGHEID

- 22.1 Die huidige seksuele losbandigheid moet nie net as 'n reaksie-verskynsel gesien word nie. Dit is baie erger: *Dit is 'n openbaring van God se toorn oor die mens*. In Romeine 1:18 skryf Paulus: "Want die toorn van God word van die hemel af geopenbaar oor al die goddeloosheid en ongeregtheid van die mense wat in ongeregtheid die waarheid onderdruk". En dan toon Paulus aan dat die toorn van God oor die sonde van hierdie mense daarin geopenbaar word dat Hy hulle aan seksuele losbandigheid oorgee.
- 22.2 Gewoonlik word dit nie so gesien nie. Seksuele losbandigheid word meesal beskou as die *oorsaak* van God se toorn, en dat God se toorn dan geopenbaar word in sake soos oorloë, aardbewings, droogtes, depressies, pessiektes, epidemies, ensovoorts. En in bepaalde gevalle is dit ook inderdaad waar: seksuele oortredings kan die toorn van God oor die sonde tot gevolg hê soos duidelik blyk uit die geskiedenis van Dawid. Maar Paulus toon in Romeine 1 dat die saak ook 'n ander kant het, en dit is *dat seksuele verwildering op sigself reeds 'n openbaring van God se toorn oor die betrokkenes kan wees*. Anders gestel: seksuele losbandigheid is reeds 'n deel van God se straf op hulle sonde. Omdat hulle die openbaring van God wat tot hulle gekom het, verwerp het, daarom het God toornig geword op hulle en hulle oorgegee aan 'n onbeheerste lewe in seksuele verwildering.
- 22.3 Drie maal gebruik Paulus in Romeine 1:18-32 die uitdrukking: "*Daarom het God hulle oorgegee ...*"
- Vers 24: *Daarom het God hulle oorgegee* aan hulle eie wellustige begeertes om in onreinheid hulle liggame onder mekaar te onteer.
- Vers 26: *Daarom het God hulle oorgegee* aan skandelijke hartstogte sodat teen die natuur in die vrouens met vrouens en die mans met mans seksueel verkeer het.
- Vers 28: *Daarom het God hulle oorgegee* aan 'n slegte gesindheid om te doen wat nie betaamlik is nie.
- 22.4 Dit is uiters ernstige sake wat hier geopenbaar word. Seksuele losbandigheid: voorhuwelikse en buite-egtelike seksuele verkeer, saamwoon sonder om getroud te wees, homoseksuele dade, huweliksontrou, ensovoorts, is nie net 'n sondige lewe wat God vertoorn en wat Hy ook sal straf nie; nee *dit is reeds God se straf*. In sy toorn het Hy hulle daarin laat tuimel sodat hulle in hulle eie onbeheerste welluste kan verdrink.
- 22.5 Ware bekering en gelowige aanvaarding van die evangelie is die enigste wyse om van die toorn van God te ontkom (Rom. 1:16). In Johannes 3:36 word immers gesê: "Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe; maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, MAAR DIE TOORN VAN GOD BLY OPHOM."

In hierdie lig gesien, is die seksuele losbandigheid 'n uiters ernstige saak.



## 23. SKOONHEIDSWEDSTRYDE

23.1 Skoonheidswedstryde waarin mense hoofsaaklik volgens hulle liggaamsbou beoordeel word, moet afgewys word omdat die betrokkenes die liggame wat hulle van die Here ontvang het, nie op die wyse in sy diens gebruik nie maar selfverheerliking nastreef.

23.2 Uitsprake in die Skrif soos die volgende is hier van toepassing:

23.2.1 Romeine 12:1 (1953-vertaling): "Ek vermaan julle dan broeders, by die ontferminge van God, dat julle julle *liggame* stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer — dit is julle redelike godsdiens."

23.2.2 1 Korintiërs 6:15, 19, 20: "Weet julle nie dat julle liggame lede van Christus is nie? . . . Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan juiself behoort nie? . . . Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort."

## 24. SONDAG

### 24.1 Op watter dag van die week

In die Ou-Testamentiese tyd was die sabbat (rusdag) op die *sewende dag*. Dit is so onderhou tot met die dood van Christus. Hy was op die sabbat in die graf en op die eerste dag van die week het Hy opgestaan uit die dood (Luk 23:54; Matt 28:1). Dit was die teken dat Hy ten volle versoening gedoen het vir die sonde van die gelowiges en ook die dood vir hulle oorwin het. Daarom het die opstandingsdag vir Christene die nuwe rusdag geword. Dit was geen verskuifde sabbat nie, maar na aanleiding van die bestaan van die Ou-Testamentiese sabbat het die eerste Christene die behoefte gevoel om ook op een van die dae van die week hulle gewone werk na te laat en dan saam te kom om die Here besonderlik te dien en hulle in Hom te verlustig en te verbly.

Hierdie rusdag op die eerste dag van die week het spoedig 'n belangrike plek in die kerklike lewe van die eerste Christelike Kerk ingeneem en is "die dag van die Here" genoem (Hand 2:1,41; 20:7; 1 Kor. 16:2; Op 1:10). Toe sekere Jode (Judaïste) die rusdag daarna nog op die sewende dag wou vier, het Paulus hulle teengestaan. In Kolossense 2:16-17 verklaar hy: "Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank of met betrekking tot 'n fees of nuwemaan of sabbat nie, wat 'n skaduwee is van die toekomstige dinge; maar die liggaam behoort aan Christus.". Hieruit lei ons af dat Paulus die sabbat as rusdag op die sewende dag beskou het as iets wat tot die skaduwees van die Ou-Testamentiese tyd behoort het en dus sedert die opstanding van Christus nie meer onderhou hoef te word nie. Van toe af word die eerste dag van die week as rusdag onderhou.

### 24.2 Christus as Rusbringer: die essensie van Sondag

Die "rus" van die Ou-Testamentiese sabbat is deur Christus verdiep omdat Hy vir ons die *ware rus* bewerk het deur ons te verlos van ons sondes (wat ons lewe onrustig maak) en die dood vir ons te oorwin. So het Christus vir sy volk die eintlike rus verwerf waarna in die vierde gebod verwys is. Daarom het die woorde van Christus: "Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, *en Ek sal julle rus gee*." (Matt 11:28), ook in hierdie verband besondere betekenis. En omdat Christus vir ons die *rus* bewerk deur die verlossing van sondes, moet Hy op die *rusdag* as die *Rusbringer* verkondig word en ook met blydschap as sodanig deur die gelowiges gedien en geëer word. Dit is ook opvallend dat die Heidelbergse Kategismus (Sondag 38) nie 'n verduideliking van die vierde gebod in sy Ou-Testamentiese vorm gee nie, maar van hierdie gebod *soos en nadat dit deur Jesus Christus vervul is* toe Hy gely en gesterf het om sy uitverkore kinders te verlos van hulle sondes en aan hulle ware rus te gee.

Wat die Kategismus dus wil sê, is dat, danksy die verlossing van sonde deur Jesus

Christus, die *groot saak* in hierdie verband nie bloot die *uiterlike rus* deur die nalaat van jou daaglikse werk op een dag van die week is nie, maar die *innerlike rus* in die wete: my sonde is versoen en ek het vrede met God deur ons Here Jesus Christus (Rom 5:1). So het Christus, soos ook uit Hebreërs 4 blyk, die betekenis van die begrip *rus* in die vierde gebod geweldig verdiep.

### **24.3 Die karakter en doel van die rusdag**

- 24.3.1 In die Ou-Testamentiese tyd was die rusdag op die *laaste dag* van die week. Dit het *vorentoe* gewys na die heil en verlossing wat in en deur Christus nog sou kom. In die Nieu-Testamentiese tyd is die rusdag op die *eerste dag* van die week. Dit wys *terug* na die heil wat Christus reeds bewerk het. Ons leef dus vanuit die verlossing in Christus sodat ons doen en late die res van die week moet staan in die teken van ons verlossing deur Christus.
- 24.3.2 *Uit dankbaarheid* vir ons verlossing deur Christus moet ons die rusdag onderhou en Hom dien en eer vir die liefde en genade wat Hy aan ons bewys het toe Hy die ware rus vir ons bewerk het. Om die rede behoort alle handeling en praktyke op Sondag wat die vreugde oor die rus in Christus kan belemmer, uitgeskakel of voorkom te word of andersins (soos noodsaaklike dienste) tot die minimum beperk te word.
- 24.3.3 Die *nalaat van ons gewone werk* op Sondag moet nooit 'n doel op homself wees nie (sodat ek Sondag net wil leeglê en niks doen nie) maar ek moet op dié dag my gewone werk nalaat *met die doel om uit dankbaarheid* teenoor die Here op heel besondere wyse *met die sake van die Here besig te wees* soos die bywoning van eredienste, Skrifstudie, selfondersoek, besoek van siekes, ensovoorts. Alleen as ons die Sondag so onderhou, sal dit waarlik vir ons 'n "*dag van die Here*" wees (Op 1:10) en nie ontaard om 'n *dag van die mens* te word waarop elkeen doen wat hy wil nie.

### **24.4 Noodsaaklike Sondagarbeid**

Daar is natuurlik sekere werke wat op Sondag verrig moet word, byvoorbeeld die verpleging van siekes, die versorging van vee, ensovoorts. Christus self verwys, wat die sabbat betref, ook goedkeurend daarna (Luk 13:15; 14:5). In die tyd van Jesus se omwandeling op aarde (en selfs vroeër) was daar die skeepvaartbedryf waarmee op Sondag voortgegaan moes word. Teen sulke noodsaaklike Sondagarbeid is daar natuurlik geen beswaar nie. Die beswaar raak slegs alle nie-noodsaaklike Sondagarbeid.

N.B. 'n Mens moet baie versigtig en eerlik wees met die spreekwoordelike verwysing na "die kalf in die put" met 'n beroep op uitsprake van Christus in hierdie verband. Heel dikwels lê die kalf Vrydagaand al in die put, maar vanweë 'n sondige nalatigheid moet hy dan maar Sondag uitgehaal word. Ons kan mense nog bedrieg, maar nie God nie!

### **24.5 Handeldryf op Sondag**

In 'n noodsituasie (medisyne, ens.) kan dit sonder beswaar gedoen word. Onnodige en nie-noodsaaklike handeldryf op Sondag is 'n ontheiliging van die dag van die Here. Gedurende die week moet voorsiening gemaak word vir die behoeftes van Sondag.

### **24.6 Sondagkoerante**

Die lees daarvan beteken 'n *verdringing* van God op die rusdag. Dit pas nie in op die dag wat in die Skrif "die dag van die Here" genoem word nie. Op die dag van die Here moet ons met die sake van die Here besig wees en geskifte lees wat 'n verryking van ons Skrifkennis en 'n versterking van ons geloof beteken — veral in ons tyd waar daar

dikwels in die week nie voldoende tyd daarvoor is nie.

## 25. SPORT

- 25.1 Daar is 'n spreekwoord uit die klassieke tyd wat sê: 'n Gesonde gees woon in 'n gesonde liggaam. As Christene moet ons ook ons liggame goed versorg en ontwikkel, en gereelde oefening kan 'n groot bydrae lewer om ons liggaamlik sterk en gesond te hou.
- 25.2 Tog moet gewaak word teen *sportoordrywing* en *verafgoding van sport*. Sport moet die *ontspanning en oefening* van die liggaam (en die gees) tot doel hê en nie die *vernietiging* daarvan nie. Verder moet onthou word dat die mens veel meer is as 'n mooi figuur of 'n saamgebondelde spiermassa.
- 25.3 Die Christen behoort nie deel te neem aan sportsoorte soos boks wat lewensgevaarlik is nie. Dit is 'n oortreding van die sesde gebod om jou eie lewe en die van ander moedswillig in gevaar te begewe (HK antw. 105).

## 26. STERK DRANK EN DWELMMIDDELS

- 26.1 Die vrug van die wynstok is 'n gawe van God wat op verantwoordelike wyse reg gebruik kan word. Die Skrif veroordeel ook nie die *matige gebruik* van sterk drank nie. Christus het immers self wyn gemaak op die bruilof in Kana in Galilea (Joh. 2:1-11), en Paulus het aan Timoteus geskryf om 'n bietjie wyn te drink ter wille van sy maag (1 Tim 5:23). Wat die Skrif egter wel veroordeel, is die *oormatige gebruik of misbruik* van sterk drank wat *dronkenskap* tot gevolg het (Gal 5:21; Ef. 5:18; Spr. 23:29-36). Dronkenskap word só sterk veroordeel dat uitdruklik verklaar word dat *geen dronkaard die koninkryk van God sal beërwe nie* (1 Kor. 6:10; Gal 5:21).
- 26.2 Dieselfde kan in 'n sekere sin ook van die meeste dwelmmiddels gesê word. As dit op die regte wyse en in die regte hoeveelhede as medisyne gebruik word, kan dit vir die mens van groot waarde wees vir die verligting van pyn, ensovoorts. Maar as dit op verkeerde wyse en veral in verkeerde hoeveelhede gebruik word, raak die mens daaraan verslaaf en kan dit hom na liggaam en gees (en finansiële!) ruïneer. Uiteindelik word so 'n mens 'n willose slaaf wat alles wat hy het vir 'n bietjie dwelmmiddels kan opoffer. Die dwelmmiddels word dan sy god!
- 26.3 Van die gelowige word verwag dat hy homself kan beheers (Gal 5:22). Hy moet sy perke ken en weet hoe ver hy kan gaan. Dit geld ook by die gebruik van voedsel, want vraatsug word deur die Skrif veroordeel (Job 20:20-21; Spr. 23:20; Matt 11 : 19).

## 27. VOORHUWELIKSE GESLAGSGEMEENSKAP

### 27.1 Wat sê die Bybel?

In die Skrif word voorhuwelikse geslagsgemeenskap baie duidelik aangedui as sondig en verkeerd in die oë van die Here. Dit word ook skerp veroordeel. Volgens die Bybel mag geslagsgemeenskap slegs binne die huwelik plaasvind. Dit blyk uit die volgende Skrifgegewens:

#### 27.1.1 Die Ou Testament

27.1.1.1 Die instelling van die huwelik word gevind in Genesis 2:24 waar (volgens die 1953-vertaling) verklaar word: "Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een *vlees wees*". Die verlaat van die vader en die moeder en die aankleef van die vrou dui die amptelike totstandkoming van die huwelik aan. Eers daarna mag geslagsgemeenskap, die *een-vlees-wees* plaasvind. Uit 1 Korintiërs 6:16 blyk dat die apostel Paulus Genesis 2:24 ook so verstaan.

27.1.1.2 In Genesis 29:20-21 (1953-vertaling) word gesê: "So het Jakob dan sewe jaar gedien vir Ragel; en hulle was in sy oë soos 'n paar dae omdat hy haar liefgehad het. Toe sê Jakob vir Laban: Gee tog my vrou, want my dienstyd is om, *dat ek by haar kan*

*ingaan*". Hieruit is dit duidelik dat hoewel Jakob Ragel liefgehad het en sewe jaar in haar teenwoordigheid was toe hy by haar vader gewerk het om haar te verdien, hy tog geen geslagsgemeenskap met haar gehad het nie. Die rede daarvoor was ongetwyfeld omdat hy dit as 'n "sonde teen God" beskou het. (Vgl. Gen. 39:9.)

27.1.1.3 In Deuteronomium 22:13-19 word bepaal dat indien 'n man sy vrou *valslik beskuldig* dat sy ten tye van hulle huwelik nie 'n maagd was nie en die valsheid van sy beskuldiging kon bewys word, hy 'n drievoudige straf moes ontvang:

- hy ontvang lyfstraf;
- hy moet die vader honderd sikkels silwer betaal, wat gelykstaande is aan die normale bruidsprys wat vir 'n vrou betaal is (vgl. vers 29);
- hy word die reg ontnem om ooit van haar te skei (vgl. Deut. 24:1).

Die rede vir hierdie straf word soos volg aangedui: "... omdat hy 'n slegte gerug oor 'n jongmeisie van Israel versprei het." Uit hierdie bepaling kan gesien word watter hoë waarde daar geheg is aan die maagdelikheid van die meisie tot en met die huwelik.

27.1.1.4 Indien die beskuldiging dat die meisie tydens haar huwelik nie 'n maagd was nie, *gegrond is*, moet sy voor haar vader se huis deur die manne van die stad gestenig word. Die rede daarvoor word soos volg aangedui: "Sy moet sterf omdat sy 'n ongehoorde ding in Israel gedoen het deurdat sy met 'n man geslagsgemeenskap gehad het terwyl sy nog ongetroud was" (Deut. 22:20-12 - Nuwe Vert.). In die 1953-vertaling staan daar dat sy in die huis van haar vader *gehoereer* het en dat dit as 'n *skanddaad* beskou moet word. Voorhuwelikse geslagsgemeenskap word hier dus as *hoerery* bestempel. Dit is *skerp veroordeel* en *swaar gestraf*.

27.1.1.5 As 'n man met 'n onverloofde meisie geslagsgemeenskap gehad het, was hy verplig om — indien haar vader toestem — die bruidsprys te betaal en met haar te trou. Verder word as strafmaatreël bygevoeg dat hy nooit van haar mag skei nie omdat hy haar *onteer* het (Eks 22:16 -17; Deut. 22:28-29). Hieruit is duidelik dat reeds geslagsgemeenskap hulle verplig om in die huwelik te tree en nie eers swangerskap nie. So sterk is geslagsgemeenskap aan die huwelik verbonde.

27.1.1.6 In Hooglied 8:8-10 word duidelik aangedui hoe broers waak oor hulle jong sustertjie se sedelike lewe.

- As sy soos 'n muur is, is sy afwerend teenoor sedelose jongmanne wat haar reinheid, kuisheid en maagdelikheid wil skend. Dan sal haar broers haar eer.
- As sy soos 'n deur is, is sy sedelik onstandvastig en geneig om toe te gee aan die onkuise begeertes van sekere jongmanne. Dan sal haar broers drastiese stappe doen om haar te beskerm teen haar eie onvermoë om haarself maagdelik rein te hou.

## 27.1.2 Die Nuwe Testament

27.1.2.1 In die Nuwe Testament word *hoerery* (*hoereerders*) skerp veroordeel (Matt 15:19; Mark 7:21; 1 Kor. 6:9, 10; Gal 5:19). Die woord wat in die oorspronklike Grieks vir hoerery gebruik word, naamlik *porneia* dui alle geslagsgemeenskap buite die huwelik aan, dit wil sê alle geslagsgemeenskap voor die huweliksluiting of geslagsgemeenskap na die huwelik met 'n ander man of vrou as die een met wie 'n persoon getroud is. As Paulus dus sê dat geen *hoereerders* deel sal kry aan die koninkryk van God nie (1 Kor. 6:9, 10; Gal 5:19-21; Ef. 5:5), geld dit gevolglik ook vir die wat hulle skuldig maak aan voorhuwelikse geslagsgemeenskap.

27.1.2.2 In 1 Korintiërs 7:2 en 1 Tessalonisense 4:3-4 het die woord *hoerery* spesifiek betrekking op voorhuwelikse geslagsgemeenskap. Volgens Paulus moet die gelowige dit voorkom deur in die huwelik te tree.

27.1.2.3 In Matteus 19:10-12 toon Christus duidelik aan dat daar vir die Christen net een van twee moontlikhede is: of hy trou sodat geslagsgemeenskap *in* die huwelik kan

plaasvind, òf as hy nie trou nie, het hy nooit geslagsgemeenskap nie maar lewe dan soos iemand wat nie tot geslagsgemeenskap in staat is nie.

- 27.1.2.4 Uit die geskiedenis van Josef en Maria is dit duidelik dat daar ook tydens verlowing geen geslagsgemeenskap plaasgevind het nie (Matt 1:18- 25). Josef het hom doelbewus daarvan weerhou *omdat hy gehoorsaam was aan die wet van God* (Deut. 22:20-21). Dit is die betekenis van die woord *regverdig* in Matteus 1:19. Toe hy egter beseft dat Maria swanger was, het hy gedink dat sy *nie* aan die wet van God gehoorsaam was nie (Deut. 22:20-21, 23-24). Daarom wou hy van haar skei, en hy het eers van die voorneme afgesien toe die Here self hom oor die werklike toedrag van sake ingelig het. Hierdie geskiedenis toon duidelik aan dat daar geen geslags-gemeenskap voor die huwelik mag wees nie — nie met die verloofde nie en ook nie met iemand anders nie. (Vgl. 2 Kor. 11:2.)
- 27.1.2.5 In 1 Korintiërs 7:7-9 praat Paulus van die gawe van onthouding van geslagsgemeenskap. En van diegene wat die gawe nie ontvang het nie, sê hy (1953-vertaling): "Maar as hulle hul nie kan beheers nie, laat hulle trou; want dit is beter om te trou as om van begeerte te brand." Hier word voorhuwelikse geslagsgemeenskap duidelik afgewys en die huwelik aangedui as die enigste plek waar geslagsgemeenskap kan plaasvind.
- 27.1.2.6 Paulus skryf in 1 Korintiërs 7:36 volgens die 1983-vertaling: "As iemand meen dat hy teenoor sy verloofde onbehoorlik handel deur nie te trou nie, en sy begeertes te sterk word en hy voel dat hulle behoort te trou, laat hom doen wat hy graag wil: laat hulle gerus trou. Dit is nie verkeerd nie." [53-vertaling: " Maar as iemand meen dat hy onweloweglik met sy maagd handel as sy oor die jeugdige leeftyd is, en dit so moet wees, laat hom doen wat hy wil. Hy sondig nie. Laat hulle trou."] Hierdie woorde het betrekking op 'n verloofde paartjie waar veral die man voel dat die drang tot geslagsgemeenskap in hom so sterk word dat hy gevaar loop om dit op die lang duur nie meer met sy selfbeheersing te kan onderdruk nie. In so 'n situasie is daar volgens Paulus net een korrekte weg: hulle moet trou. Ook hierdie uitspraak beteken dus: geen geslagsgemeenskap voor die huwelik nie, maar slegs in die huwelik.

### 27.1.3 *Gevolgtrekking:*

Uit die voorgaande is dit duidelik dat volgens Ou en Nuwe Testament geslagsgemeenskap voor die huwelik teen die wil van God is en as sonde veroordeel moet word. Dit is onversoenbaar met die lewe van die ware Christen.

## **27.2 Nadele en skadelike gevolge van voorhuwelikse geslagsgemeenskap**

### 27.2.1 *Nadele en skadelike gevolge vir die meisie*

27.2.1.1 Die meisie loop 'n groter gevaar om later kanker in die serviks (baarmoedernek) te kry. Navorsing het getoon dat die moontlikheid om hierdie vorm van kanker op te doen *die helfte* groter is by die vrou wat as meisie voor die ouderdom van 17 of 18 jaar geslagsgemeenskap gehad het, as by die een wat daarmee op 'n later leeftyd begin het. En indien die meisie/vrou met verskeie mans geslagsgemeenskap gehad het, is die moontlikheid dat sy die soort kanker kan opdoen *vier maal* groter as by die vrou wat nie vir 'n onsedelike lewe te vinde was nie.

27.2.1.2 Die vernaamste psigiese nadele en skadelike gevolge van voorhuwelikse geslagsgemeenskap vir die meisie is die volgende:

- vrees vir swangerskap
- 'n gevoel van onsekerheid
- emosionele ontwrigting
- 'n gevoel van minderwaardigheid

- skuldgevoelens
- seksuele koudheid en afsydigheid.

Laasgenoemde kan later in die vrou se huwelikslewe ernstige spanning en groot probleme veroorsaak.

27.2.1.3 As 'n man 'n meisie werklik liefhet, sal hy bereid wees om tot die huwelik te wag voor geslagsgemeenskap kan plaasvind. Laat die meisie hom voor die tyd toe, het sy nooit sekerheid of hy haar werklik liefhet en of hy net haar liggaam wil hê nie.

27.2.1.4 Die meisie wat meedoen aan voorhuwelikse geslagsgemeenskap kan niks wen nie; sy kan net verloor — en boonop in verskeie opsigte.

### 27.2.2 *Nadele vir die huwelik*

27.2.2.1 As 'n jong paartjie eers begin het met voorhuwelikse geslagsgemeenskap neem dit mettertyd so 'n groot plek in hulle verhouding in dat hulle die ander aspekte van mekaar se persoonlikheid nie leer ken nie. As hulle dan trou, kom hulle tot die besef dat hulle mekaar nooit werklik geken het nie en selfs dat hulle nie by mekaar pas nie.

27.2.2.2 Voorhuwelikse geslagsgemeenskap het, ondanks die vrylike beskikbaarheid van voorbehoedmiddels, dikwels swangerskap tot gevolg. Dit lei weer tot die gedwonge sluiting van huwelike wat nooit gesluit moes gewees het nie. Die uiteinde is dat 'n baie groot persentasie van dié huwelike tog weer deur egskeidings ontbind word.

27.2.2.3 As hulle voor die huwelik met verskillende persone geslagsgemeenskap gehad het, vind baie dit moeilik om in die huwelik net met een huweliksmat tevrede te wees.

27.2.2.4 Dit belemmer die normale seksuele lewe in die huwelik — soos reeds aangedui in punt 27.2.1.2.

### 27.2.3 *Nadele en skadelike gevolge vir die volk of gemeenskap*

27.2.3.1 Voorhuwelikse geslagsgemeenskap, veral met verskillende persone, lei tot 'n toename in geslagsiektes. In die jongste tyd is daar wêreldwyd en ook in Suid-Afrika 'n groot toename in geslagsiektes soos vigs, sifilis, gonorree, ensovoorts. En 'n groot probleem daarmee is dat 'n mens dit kan opdoen en dat sommige daarvan tot so lank as 40 jaar sluimerend kan bly voor dit tot openbaring kom.

### 27.2.4 *Etiese beredenering*

Volgens die Skrif, soos weergegee in antwoord 107 van die Heidelbergse Kategismus, eis God van die gelowiges "dat ons ons naaste moet liefhê soos onself, . . . alles wat hom kan benadeel, sover moontlik probeer voorkom". En Paulus sê: "Die liefde doen die naaste geen kwaad nie" (Rom. 13:10). In die lig van al bogenoemde nadele en skadelike gevolge van voorhuwelikse geslagsgemeenskap, kan die Bybelse standpunt daarvoor soos volg geformuleer word:

- Indien 'n persoon daarvan bewus is dat daar slegs 0,1 persent moontlikheid bestaan dat hy/sy die persoon met wie hy/sy voorhuwelikse geslagsgemeenskap kan hê, op die wyse een of meer van bogenoemde skades of nadele kan aandoen — selfs al sou dit met die volle instemming van die ander persoon geskied — is dit in stryd met God se wil en daarom eties onverantwoord en ongeoorloof.

## 28. VRIENDE

Van die gelowige word verwag dat hy sy vriende sal soek onder die gelowiges, onder dié wat die Here vrees. 'n Verheffende invloed waardeur ons geestelik verryk word en van sonde bewaar word, kan van hulle tot ons uitgaan. Vriendskap met ongelowiges het dikwels tot gevolg dat mense van die geloofsweg afgelei word. Mense wat aanvanklik voorbeeldig geleef

het en kinders wat 'n goeie, Christelike opvoeding ontvang het, se lewens is al deur die modder gesleep en hulle toekoms is bederf deur die kwade invloed van slegte vriende. Die betekenis en invloed van vriende word duidelik geopenbaar in die bekende spreekwoord: *Aan jou vriende word jy geken.*

*Spreuke 13:20:*

" Gaan met die wyse om, dan word jy wys; maar hy wat met dwase verkeer, versleg."

*2 Korintiërs 6:14:*

" Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie..."

*Jakobus 4 :4:*

" Wie dan 'n vriend van die wêreld (en van die wêreldmense) wil wees, word 'n vyand van God."

## **29. VRYMESSELARY**

Ons wys dit af om die volgende redes:

- 29.1 Die god wat hulle dien is nie die God wat Hom in sy Woord aan ons geopenbaar het nie, want dit is nie net Christene wat aan die Vrymesselary behoort nie, maar ook Jode (wat Christus loën), Moslems, ensovoorts. Die god wat hulle dien word genoem DIE GROOT ARGITEK VAN DIE HEELAL. Dit is 'n vae, algemene naam waaronder die Christen sy God, maar ook die Moslem sy god kan verstaan. Indien 'n persoon egter ver in die Vrymesselary gevorder het en die graad van "Royal Arch" bereik, dan word die ware naam van die god van die Vrymesselaars aan hom bekend gemaak, naamlik JAOBULON, 'n samestelling van die name *Jahwe* (die Hebreeuse naam vir HERE, die God van die Skrifte), *Baal* ('n afgod in die Bybel genoem) en *On* (die songod van die Egiptenaars). Ons het hier dus met 'n gruwelike afgodery te doen. Daarom mag 'n Christen nie daaraan deel hê nie.
- 29.2 Omdat Jode, Moslems, ensovoorts daaraan behoort of mag behoort, mag 'n Christen nie daaraan behoort nie, want die Bybel verbied die gelowige om saam met die ongelowige in dieselfde juk te trek (2 Kor. 6:14-18).
- 29.3 Hulle verdraai die Bybel, want in verskillende Skrifgedeeltes wat in hulle Vrymesselaarsboek opgeneem is, word die Naam van Jesus Christus weggelaat. Daarom rus die oordeel van God op hulle volgens Openbaring 22:19.
- 29.4 Die Vrymesselaar moet gruwelike eedswerings aflê en toestem dat, indien hy die eed sou verbreek, sy straf sal wees dat sy keel van oor tot oor afgesny sal word en sy tong uitgeskeur en aan die seestrand begrawe sal word.
- 29.5 Christus word deur hulle nie erken as die enigste Saligmaker en Verlosser nie, terwyl die Bybel dit uitdruklik leer. Wel word die Naam van Christus soms in hulle vergaderings genoem, maar dan so dat Hy gelykgestel word met Sokrates, Plato, Boeddha of ander groot figure. Christus word eintlik deur hulle, net soos Salomo, as 'n Vrymesselaar beskou.